

# Taalverskuiwing en taalhandhawing onder Afrikaanse ekspatriate

Jako Olivier, Ernst Kotzé

---

Jako Olivier en Ernst Kotzé, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit

---

## *Opsomming*

Die term *Afrikaanssprekende ekspatriate* verwys na Afrikaanssprekendes wat oor die wêreld heen geëmigreer het. Hierdie artikel ondersoek die aard van taalverskuiwing en -handhawing wat onder dié ekspatriate voorkom. In 'n emigrasiekonteks is ekspatriate se taal onderhewig aan taalhandhawing, taalverlies, taalverskuiwing en taalherlewing. Gesinstaalbeplanning, waar taalbeplanningsaksies binne die gesinsdomein en merendeels deur ouers in 'n emigrantkonteks uitgevoer word, dien ook as teoretiese raamwerk waarin taalverskuiwing en -handhawing ondersoek kan word. Uit die navorsing is dit duidelik dat daar verskillende redes bestaan waarom Afrikaanssprekendes uit Suider-Afrika emigreer, en die meeste van hulle beplan nie om terug te keer nie. Veral ekspatriate in Engelssprekende lande, in teenstelling met dié in ander lande, dui aan dat hulle nie sal terugkeer nie.

Vir die ekspatriate is deelname aan die Afrikaanse kultuur en taal steeds belangrik, en daar is by sekere respondente tekens van volgehoue taalhandhawing deur voortgesette gebruik van die taal in die gesin. Afrikaans word deur die meeste ekspatriate teenoor die eggenoot of lewensmaat, asook kinders, gebruik. Met betrekking tot taalverskuiwing blyk Nederlands 'n goeie vervangingstaal vir Afrikaans te wees in kontekste waarin dit moontlik is. Tweetaligheid is ook by die kinders van ekspatriate 'n algemene verskynsel.

Ten spyte van die feit dat Afrikaanssprekende ekspatriate poog om hul taal te handhaaf en te gebruik, is dit duidelik dat taalvaardigheid in Afrikaans onder ekspatriatekinders afneem. Daar is ook tekens van taalverskuiwing waarneembaar, veral by geïsoleerde gesinne en gemeenskappe, by gesinne met 'n nie-Afrikaanssprekende ouer, in omstandighede waar 'n groot behoefte aan assimilasië bestaan, asook in gevalle waar kinders self nie 'n rede insien om Afrikaans te handhaaf nie. Dus word Afrikaans onder ekspatriate, behalwe onder bepaalde omstandighede, in 'n groot mate gehandhaaf.

**Trefwoorde:** Afrikaanse ekspatriate; ekspatriatetaal; gesinstaalbeplanning; immigrantetaal; taalhandhawing; taalverskuiwing

## **Abstract**

### **Language shift and language maintenance among Afrikaans expatriates**

This article pertains to Afrikaans-speaking expatriates generally, or Afrikaans speakers who have emigrated globally, and the phenomenon of language shift and language maintenance subsequently experienced by them. Owing to the context of emigration, expatriates may be subjected to factors such as language maintenance, language loss, and language shift or language revitalisation. Language shift and language maintenance are explored in this study within the theoretical framework known as family language planning, which can be described as language planning actions through the influencing of language behaviour within the context of the family. A point of departure is the disparity, revealed by earlier studies in the context of family language planning in immigrant settings, between the attempts by parents to maintain their language on the one hand, and those of children to adapt to the language requirements of a host country.

Key factors in this article are the concepts of language maintenance, language loss, language shift and language revitalisation. For the purposes of this article, *language maintenance* refers to the preservation of a language within a family or community through continued use of the language. In contrast, language shift can occur where, over a span of two to three generations, a mother tongue of an immigrant family is replaced by a language with a higher status or desirability. Language loss can also take place where an individual or community completely loses a language over a number of generations. Language revitalisation, on the other hand, can take place by means of conscious efforts, as a result of which an original mother tongue is reintroduced and used within a particular community.

A number of studies have been done to date regarding Afrikaans-speaking (or South African in general) expatriates in mainly New Zealand, Australia and the UK. However, no other study has focused on such a wide geographical spread of respondents as that employed in this study, to wit a total of 1 362 individuals from 55 different countries. From the literature it is also evident that numbers of Afrikaans speakers have emigrated since before 1994. A first diaspora of Afrikaans-speaking people started as early as 1901, while a second diaspora is associated with political changes in the country after 1994, as identified in the literature. This article attempts to provide a clearer picture of language maintenance and shift within this second so-called diaspora.

For the purpose of collecting both quantitative and qualitative data, an online questionnaire as well as responses captured from a Facebook group created for the purposes of this research were used. Quantitative data from certain parts of the questionnaire were analysed by means of SPSS, while the qualitative data was analysed by means of Atlas.ti.

From the research it was clear that there are various reasons why Afrikaans speakers emigrate from Southern Africa (note: not only South Africans, but also Afrikaans-speaking people from Namibia and other Southern African countries). Most of these expatriates indicated that they did not intend to return to Southern Africa. Especially the respondents from English-speaking countries, in comparison with those from other countries, intimated that their move would be permanent. The permanency of the migration by Afrikaans speakers is reinforced by the fact that Anglophone countries prove to be a popular destination for this language group, because they tend to be proficient in English as a result of a bilingual background in their country of origin.

The majority of the respondents indicated that they still regard Afrikaans culture and language as an important asset. The language is often an important link to Southern Africa, in particular because of continued family ties. Some respondents emphasised their pride in their language and culture, and the fact that they live outside Southern Africa reinforces the importance of Afrikaans to them. Language maintenance is evident from the data, as the majority of respondents continue using Afrikaans with partners and children. About half of the respondents believe that bilingualism will improve the development and achievement of their children. The circumstances in other countries generally accommodate the development of bi- and multilingualism among expatriates.

There is, however, also some evidence of language shift among Afrikaans-speaking expatriates. Especially families who have been living outside of Southern Africa for more than twenty years report a decline in the use of Afrikaans. A number of expatriates indicated that they consciously decided no longer to use Afrikaans, and that the family's language had shifted to that of their host country. This shift also often takes place if there is little contact with Afrikaans outside of the home and family, or if one of the parents speaks a language other than Afrikaans. Respondents noted that Afrikaans proficiency among their children was being negatively affected. Code-switching is commonly used in expatriate families, as Afrikaans words sometimes have to be explained to children in English. In some instances children still understand Afrikaans, but prefer to answer in a language of their new host country. Respondents who believe that their children do not have a future in South Africa tend to speak less Afrikaans to their children. The maintenance of a mother tongue other than the language of learning and teaching used at school is sometimes blamed as the reason for poor academic performance. However, respondents did note that some schools in their host countries did encourage the use of mother tongues at home.

For expatriates living in the Netherlands and Belgium, Dutch, which is closely related linguistically and historically to Afrikaans, seems to be a viable replacement language. In general, respondents from the two countries mentioned tend to use a language other than Afrikaans or English, presumably Dutch, in their families. The respondents indicated that maintaining Afrikaans made the acquisition of Dutch difficult for their children.

A culture shift as a result or symptom of the language shift is also apparent from the responses. Despite the fact that some respondents indicated that an Afrikaans culture is important to them, negativity towards Afrikaans culture was also clear. Some respondents indicated that they do no longer want to associate themselves with the Afrikaans language or culture. The history of the country, and even racism associated with the language and culture, are presented as reasons for this negativity. Furthermore, some respondents indicated that they had already moved on to being assimilated into the cultures of their host countries.

It can be concluded that Afrikaans is generally maintained among Afrikaans-speaking expatriates. However, certain contextual factors, such as the length of time spent outside Southern Africa, opportunities to use Afrikaans, one of the parents not speaking Afrikaans as a mother tongue, as well as being in a country with a language similar to the emigrant's mother tongue, contribute to language shift.

**Keywords:** Afrikaans expatriates; expatriate language; family language policy; immigrant language; language maintenance; language shift

## 1. Inleiding

Ons ondersoek na kwessies wat Afrikaanssprekende ekspatriate,<sup>1</sup> oftewel emigrante uit Suider-Afrika,<sup>2</sup> raak, was tot dusver geografies veral tot Australië, Nieu-Seeland en die Verenigde Koninkryk (VK) beperk (Barkhuizen 2006; Barkhuizen en De Klerk 2006; Barkhuizen en Knoch 2005; Barkhuizen en Knoch 2006; De Klerk en Barkhuizen 2004; Hatoss, Starks en Janse van Rensburg 2011; Kotzé 2004; Kotzé en Biberauer 2006; Marchetti-Mercer en Roos 2013). In hierdie studies het temas soos taalhandhawing, taalverlies, taalverskuiwing en taalherlewing onder die loep gekom.

Die doel van hierdie ondersoek is om ten eerste 'n profiel op te stel van Afrikaanssprekende ekspatriate oor 'n wye geografiese gebied, hul mening rondom taal- en kultuursake te peil, asook om die stand van taalhandhawing<sup>3</sup> en taalverskuiwing onder hierdie navorsingspopulasie te bepaal.

Om dié doel te bereik, word 'n literatuuroorsig van die tersaaklike begrippe gegee, die aard van gesinstitaalbeplanning – waarin baie van die taalgebruikskeuses uitgeoefen word – bespreek, en 'n oorsig verskaf van vorige studies oor Afrikaanssprekende ekspatriate. Daarna word 'n empiriese ondersoek beskryf wat deur middel van 'n aanlyn vraelys en response binne 'n geslote Facebook-groep<sup>4</sup> uitgevoer is. Dit sluit die kwantitatiewe berekening en beskrywing van assosiasies tussen die geselekteerde veranderlikes in, waarin daar gebruik gemaak is van 'n chi-kwadraattoets en Cramér se V. Verder is die kwalitatiewe data deur middel van Atlas.ti ontleed en relevante kodes en temas geïdentifiseer.

Die artikel poog ten slotte om uit die empiriese ondersoek te bepaal of daar tekens van taalverskuiwing en taalhandhawing voorkom, en watter faktore hiertoe bydra.

## 2. Kontekstualisering

### 2.1 Die terme ekspatriaat, emigrant en immigrant

Die woord *ekspatriaat* word, soos die Engelse term *expatriate* en die verkorte vorm *expat*, gebruik om te verwys na 'n persoon wat buite sy of haar vaderland woon. Hierdie definisie hou ook sterk verband met die oorsprong van die woord, wat na *ex-* (uit) en *patria* (vaderland) teruggevoer kan word (Oxford English Dictionary 2013). Alhoewel die woorde *uitgewekene* of *balling* ook as vertalings van die Engelse vorm *expatriate* beskou word, word daar vir die doeleindes van hierdie artikel by *ekspatriaat* gehou, aangesien dit reeds 'n aanvaarde term in bestaande literatuur oor die onderwerp is (vgl. Kotzé en Biberauer 2006). In hierdie verband verwys Du Toit (2003:15) selfs na 'n "diaspora" van die sogenaamde Boere-Afrikaners (vgl. Kotzé 2004:63; Kotzé en Biberauer 2006:49).

Die oorsprong van die woorde *emigrant* en *immigrant* (laasgenoemde vanuit die perspektief van die nuwe gasheerland), wat ook in hierdie artikel as sinoniem vir *ekspatriaat* gebruik word, kan teruggevoer word na die Latynse woord *migrāre*, wat beteken om jou tuiste of posisie van een plek na 'n ander verskuif (Oxford English Dictionary 2013).

### 2.2 Teoretiese aannames: taalhandhawing, taalverlies, taalverskuiwing en taalherlewing

Taalsituasies kan dinamies en veranderend wees, en dit kan lei tot die behoud van 'n taal (taalhandhawing) of die totale verlies van die gebruik van 'n taal oor generasies (taalverlies). Intragenerasietaalverlies lei tot die vereenvoudiging van struktuur en verlies aan woordeskat (taalafsluyting), terwyl intergenerasietaalverlies die assimilasië van sprekers in 'n dominante kultuur (taalverskuiwing) tot gevolg kan hê. Die omkeer van taalverskuiwing kan egter ook in sekere omstandighede plaasvind (taalherlewing) (vgl. Baker 1996:43–9; Crystal 1997:336–9; Crystal 2008:267, 269; Deumert 2010:31; Ferguson 2006:72–3; Hulsen 2000:3–5; Steyn 1980:8–15; Steyn en Duvenhage 2011:201–4).

#### 2.2.1 Taalhandhawing

*Taalhandhawing* (*language maintenance*) verwys na die behoud van 'n taal, veral in 'n konteks waar 'n ander taal 'n dominante posisie beklee (Crystal 2008:267). Verder maak Crystal (2008:267) melding van veral *taalloyaliteit* onder eerstegenerasie-immigrante. Volgens Steyn en Duvenhage (2011:202–

3) kan taalhandhawing plaasvind as daar 'n "redelik sterk mate van taalbewustheid en taalgetrouheid in 'n taalgroep bestaan", en daar word ook vereis dat sprekers bewus is van die bedreiging van 'n taal. Barkhuizen en Knoch (2005:229) skryf taalhandhawing (ten minste op kort termyn) toe aan bewuste pogings deur Afrikaanssprekende immigrante om bande te behou met hul taal en kultuur deur middel van die media, gesinstaalbeplanning, sosiale kontak en godsdiens. Tog erken Barkhuizen en Knoch (2005:229) dat hierdie pogings nie taalverskuiwing stuit nie.


Soos Barkhuizen en Knoch (2005:229), is King e.a. (2008:917) van mening dat gesinstaalbeplanning die fondasie lê vir taalhandhawing, aangesien intergenerasie-oordrag van taal 'n belangrike vereiste vir taalhandhawing is (vgl. Fishman 1991:6). Hierdie saak word verder in 2.4 hanteer.

Indien taal nie gehandhaaf kan word nie, byvoorbeeld by emigrasie, kan taalverlies ook soms intree.

### 2.2.2 Taalverlies

*Taalverlies* (*language loss*) verwys na die verlies van taal oor enkele generasies. Volgens Spolsky (2012:4) is die tekort aan natuurlike intergenerasie-oordrag van taal 'n bewys van taalverlies, en dit gebeur veral in die gesin. Hulsen (2000:21–3) noem die volgende faktore wat tot taalverlies bydra: taalgebruik en -kontak, tydsverloop sedert migrasie, ouderdom en vlak van eerstetaalvaardigheid, asook houding teenoor taalhandhawing. Verder som Schmid (2011:3) *taalverlies* soos volg op:

**Figuur 1. Taalverlies**



Hiervolgens kan taalverlies beide deur gemeenskappe en deur individue ervaar word. Die taalverlies van individue is egter minder belangrik vir die ondersoek waarop hierdie artikel gebaseer is, terwyl die kwessie van taalverskuiwing van primêre belang is, en die ander genoemde aspekte kortliks hanteer sal word.

Uit die voorgaande skets is dit duidelik dat afasie en taalafsluyting by individue in die konteks van taalverlies van belang is. *Afasie* verwys na taalverlies deur individue as gevolg van breinskade of 'n patologiese toestand (Schmid 2011:3). Taalafsluyting vind plaas as 'n taal gedeeltelik of heeltemal deur 'n gesonde spreker vergeet word (teenoor 'n spreker wat afasie ervaar), veral in kontekste waar 'n taal min gebruik word (Schmid 2011:4). Volgens De Bot (2007:57) vind taalafsluyting (language attrition) plaas weens taalverwante belangrike lewensgebeurtenisse (language-related major life events), soos migrasie na 'n omgewing waar 'n ander taal as 'n persoon se moedertaal gebruik word. Vir De Bot (2007:58) vind eerstetaalafsluyting plaas weens die afname in die beskikbaarheid van een taal en die ontwikkeling van 'n ander, mededingende taal.

Verder word die konsep *taaldood* deur Crystal (2003:1, 11) omskryf as die toestand wanneer niemand meer 'n bepaalde taal praat nie. Dit is belangrik om kennis te neem dat die status van Afrikaans nie net op die vlak van gemeenskappe, die gesin en die individu in 'n immigrasiesituasie bedreig word nie, maar ook in Suid-Afrika (Crystal 2003:13).

### 2.2.3 Taalverskuiwing

Steyn (1980:8) definieer *taalverskuiwing* (ook *taalverplasing*, *taalverwisseling* en *taaloornam*e genoem) as 'n "proses waarvolgens 'n groep mense hul eie taal laat vaar en 'n nuwe taal aanneem". Taalverskuiwing kan veral plaasvind met die toename in die gebruik van 'n tweede of dominante taal, wat uiteindelik die moedertaal by tweede- of derdegenerasie-immigrante vervang (Crystal 2008:269; De Klerk 2000:88; Fortuin 2009:4; Kamwangamalu 2003:72).

Taalverskuiwing het byvoorbeeld in die Indiërgemeenskap in Suid-Afrika plaasgevind, waar Engels tale soos Goedjarati, Hindi, Tamil, Teloegoe en Oerdoe by sommige sprekers vervang het (Baker 1996:43–7, 49; Herbert 1992:12; Webb en Kembo-Sure 2000:13). In die Suid-Afrikaanse literatuur oor taalverskuiwing in Suid-Afrika is die fokus veral op die verskuiwing van ander tale na Engels, en dan veral weens die ekonomiese waarde van Engels en geleentheid wat hierdie taal bied (De Klerk 2000:89, 105; De Klerk en Bosch 1998:50; Deumert 2010:13–4; Fortuin 2009:11–2; Kamwangamalu 2003:68; Thutloa 2010:31–2). Hierteenoor het Thutloa (2010:85, 90) wel bevind dat taalverskuiwing van Afrikaans na Engels byvoorbeeld nie in alle Wes-Kaapse gemeenskappe voorkom nie. Deumert (2010:17) is van mening dat tweetaligheid nie noodwendig taalverskuiwing impliseer nie en dat dit in baie gevalle gaan oor die uitbreiding van taalrepertoriums, al word die gedagte dat tweetaligheid 'n voorloper van taalverskuiwing is, deur byvoorbeeld De Klerk (2000:92–3, 107) ondersteun.

In immigrantkontekste word bepaalde tale, soos Engels in die geval van die VSA, die VK, Australië en Nieu-Seeland, deur ouers vir hulle kinders verkies,

aangesien dit geleenthede en sosiale mobiliteit moontlik maak (Mushi 2002:526).

Volgens Steyn en Duvenhage (2011:202) kan taalverskuiwing beperk word deur 'n positiewe houding van sprekers teenoor hul moedertaal ten opsigte van 'n mededingende taal, asook getrouheid aan die moedertaal deur volgehoue gebruik daarvan.

#### *2.2.4 Taalherlewing*

Taalherlewing (language revitalisation) impliseer die toevoeging van statusrolle aan tale, veral as dié rolle weens bepaalde omstandighede verloor is. Fishman (1991) staan die omkeer van taalverskuiwing (reversing language shift) of 'n vorm van taalherlewing voor. Die omkeer moet, volgens Fishman (1991:3–4), in pluralistiese samelewings deur minderhede self uitgevoer word en is nie noodwendig die staat se verantwoordelikheid nie.

### **2.3 Taal en emigrasie/immigrasie**

#### *2.3.1 Taalkonteks*

Reeds in die werk van Haugen (1972), wat in 1938 gepubliseer is, is die effek van immigrasie op die taal van Noorweegse immigrante in die VSA bestudeer. Haugen (1972:1) sê dat “[t]he immigrant could not be expected to reshape his speech overnight, for habits of speech are rooted more deeply in man's emotional and intellectual life than is generally realized.” Hiermee word bevestig dat taalverskuiwing soms lank kan neem. Verder voeg Haugen (1972:1) egter by dat immigrante in Amerika stadig weens volgehoue taalafsluyting “idea by idea, and word by word” Amerikaners geword het.

Volgens Chambers (2003:97) lei immigrasie tot dialekvorming weens die feit dat tale in kontak kom. Vir Chambers (2003:97–8) is veral die volgende sosiolinguistiese sake van belang as dit by immigrasie kom: die taalgaping, die geletterdheidsgaping (met verwysing na die verskil in geletterdheid in die moedertaal en die tweede taal), die integrasiegaping, omgekeerde assimilasië (waardeur etniese gemeenskappe gevorm word) en sosiale tipologie (wat voorspelbare sosiolinguistiese verskille tot gevolg het). Chambers (2003:112) voeg egter by dat hierdie gapings gewoonlik oor 'n paar generasies oorbrug word wanneer die proses van taalverskuiwing voltooi word.

#### *2.3.2 Taalverskuiwing oor drie of vier generasies*

Fishman het 'n patroon van taalverskuiwing geïdentifiseer wat oor drie of vier generasies strek (Curdt-Christiansen 2009:353; Spolsky 2012:4; Zhang 2008:10). Volgens Fishman (1964:51) het tweetalige Jiddisj- en Engelssprekende immigrante in die VSA wat redelik hegte gemeenskappe gevorm het, binne drie tot vier jaar taalverlies ervaar. Hierdie patroon is ook



deur ander soortgelyke studies bevestig (Hulsen 2000:14, 189). Tog toon die handhawing van tale soos Hebreeus, Maori, Tewa en Wallies, ten spyte van kontak tussen immigrant- of minderheidstale en meerderheidstale, dat daar uitsonderings bestaan (vgl. Crystal 2003:127–9, 162; Barkhuizen en Knoch 2005:217).

### 2.3.3 *Kulturele assimilasië*

Immigrante koppel hul kultuur en kultuurerfenis aan die moedertaal (Curd-Christiansen 2009:371; Mushi 2002:526). Hierdie verwantskap tussen taal en kultuur is nie net beperk tot die immigrasiekonteks nie, en word in die algemeen deur die literatuur ondersteun (Makoni en Trudell 2009:39; Zhang 2008:24). Taalhandhawing impliseer ook kultuurhandhawing, en Makoni en Trudell (2009:39) stel dit dat “the maintenance or revitalization of language signals ongoing or renewed validity of the culture associated with that language.”

Die kwessie van kulturele assimilasië, waar een kultuur deur ’n ander, dominante, kultuur (en by implikasië ook die taal) beïnvloed word, word deur Crystal (2003:77) aangeraak. Crystal beklemtoon ook dat hierdie dominante kultuur/taal nie noodwendig op grond van ’n oorwig van getalle ontstaan nie, maar ook bloot op grond van status weens militêre mag of ekonomiese redes so ’n posisie kan beklee. Hiermee saam hang die konsep *akkulturasië*. Zhang (2008:4) noem dat daar twee benaderings tot hierdie konsep is: akkulturasië as assimilasië deur verwerping van die dominante kultuur, of akkulturasië as die proses van kultuurverandering en -aanpassing wat plaasvind wanneer individue as minderhede met unieke kulturele eienskappe in aanraking kom in ’n ander, hoofstroomkultuur. De Klerk en Bosch (1998:50) noem dat akkulturasië (as deel van taalverwerping) sosiale integrasië, voldoende kontak met die tweedetaalgroep en sielkundige ontvanklikheid van die leerder vereis ten einde sukses met die aanleer van die teikentaal te verseker. De Klerk en Bosch (1998:50) bevestig die belangrikheid van motivering, wat veral in ’n immigrasiesituasië verwag kan word weens die status van die plaaslike taal (of tale) in dié land.

’n Probleem by die intergenerasië-oordrag van immigrantetale is die feit dat daar nie ongerepte gekonsentreerde gemeenskappe bestaan waar die brontaal en -kultuur in stand gehou kan word nie (Fishman 1991:258).


### 2.3.4 *Etnolinguistiese lewenskragtigheid*

Etnolinguistiese lewenskragtigheid, as deel van die etnolinguistiese identiteitsteorie (Giles en Johnson 1987:70–3), verwys na dit wat ’n groep eiesoortig en aktief laat optree as ’n kollektiewe entiteit in intergroepsituasies (Giles, Bourhis en Taylor 1977:308; Hulsen 2000:29). Dié lewenskragtigheid word bepaal deur status en demografie, asook institusionele ondersteuning en

beheer. Hierdie veranderlikes word hier onder binne Giles e.a. (1977) se taksonomie gekontekstualiseer en toegelig.

Giles e.a. (1977:309) gee die volgende taksonomie weer van veranderlikes wat etnolinguistiese lewenskragtigheid beïnvloed:

**Figuur 2. Veranderlikes wat etnolinguistiese lewenskragtigheid beïnvloed**



Ten eerste bepaal die status van 'n groep hoe lewenskragtig en gewild 'n groep, asook die groep se taal, sal wees. Die statusaspek omvat hoeveel mag 'n groep oor materiële hulpbronne het, hoe hulle en hulle taal van buite af beskou word sowel as die aard van hul gedeelde geskiedenis. Die tweede veranderlike, demografie, het te doen met die verspreidingspatroon van 'n groep, asook getalle en veranderings in getalle met verwysing na lede buite die groep. Die laaste veranderlike, institusionele ondersteuning, verwys na hoe instansies en liggame binne en buite 'n bepaalde groep ondersteuning bied. (Vgl. Giles e.a. 1977:309; Hulsen 2000:30.)

### 2.3.5 Sosiale netwerke

*Sosiale netwerke* verwys, in die taal- en sosiale antropologiese konteks, na verhoudings wat individue met ander het (Milroy 1987:105). Hoewel sekere studies aangedui het dat sosiale netwerke taalhandhawing aanhelp, is dit duidelik dat daar nie noodwendig altyd 'n verwantskap tussen taalgebruik en sosiale netwerke bestaan nie (Hulsen 2000:27). Zhang (2008:26) noem byvoorbeeld dat sosiale netwerke, oftewel informele sosiale verhoudings, as 'n belangrike bepaler van taalhandhawing beskou kan word.

Veral in immigrantkontekste is sosiale netwerke bepalend, aangesien immigrante nuwe sosiale verhoudings in 'n vreemde (of ten minste ander) taal- en kulturomgewing moet skep. Zhang (2008:28) voeg egter ook by dat onlangse navorsing oor taalhandhawing aantoon dat die impak van sosiale netwerke van individu tot individu verskil.

'n Immigrantgemeenskap kan vir individue wel as skakel met 'n moedertaal dien, en sulke gemeenskappe kan tot taalhandhawing bydra (Mushi 2002:529).

#### 2.4 Gesinstaalbeplanning

*Gesinstaalbeplanning* verwys na taalbeplanningsaksies binne die gesinsdomein (Curdt-Christiansen 2009; King, Fogle en Logan-Terry 2008:907; Piller 2001; Schwartz 2010:171; Spolsky 2009:28–30; Spolsky 2012:4). In hierdie verband word taalbeplanning deur Cooper (1989:45) beskou as “deliberate efforts to influence the behavior of others with respect to the acquisition, structure, or functional allocation of their language codes”. As hierdie beïnvloeding van gedrag binne die konteks van 'n gesin plaasvind, word daar na *gesinstaalbeplanning* verwys.

Verder word *gesinstaalbeplanning* deur Curdt-Christiansen (2009:352) gedefinieer as “a deliberate attempt at practicing a particular language use pattern and particular literacy practices within home domains and among family members”. Vir Curdt-Christiansen (2009:352, 372) beteken dit ook dat taalkeuses gemaak en taalideologieë gegrond word op die gesin se persepsies van sosiale strukture en sosiale veranderinge, asook die taal wat die gesin se sosiale stand sal bepaal. Volgens Curdt-Christiansen (2009:353–4) is die teoretiese grondslag van *gesinstaalbeplanning* gebaseer op taalbeleid (language policy) en tuisgeletterdheid (home literacy), en binne hierdie raamwerk kan beide die makro- en die mikrokweesies rondom taal binne die gesinskonteks ondersoek word. Vir King e.a. (2008:909) bied *gesinstaalbeplanning* die moontlikheid om die leemte tussen taalbeleid en taalverwerwing te vul. King e.a. (2008:909) beklemtoon ook dat dit hier gaan oor wat gesinne daagliks met taal doen, hul mening en ideologie omtrent taal en taalgebruik, asook hul doelwitte en pogings om taalgebruik te vestig.

Verskillende studies rondom *gesinstaalbeplanning* kan in die volgende kategorieë verdeel word (King e.a. 2008:914):

- Tweektalig: een persoon, een taal (met een van die ouers se tale as meerderheidstaal).
- Drietalige omgewing: een persoon, een taal (met beide ouers se tale as minderheidstale en 'n derde meerderheidstaal buite die gesin).
- Ouer met 'n minderheidstaal as moedertaal wat nie in die gesin gebruik word nie.
- Gebruik van gemengde taal of kodewisseling (waar tussen verskillende tale gewissel word).

- Aanvullende pogings: kinderoppassers wat minderheidstale magtig is, of die stuur van kinders na internasionale skole.

Verskille in sienings omtrent taal lei soms tot taalideologiese konflik in gesinne. Vir King e.a. (2008:909) bepaal taalideologie, oftewel vasgestelde menings omtrent taal, watter taalkeuses ouers sal uitoefen. Dit is egter ook duidelik dat meer as een ideologie in 'n gemeenskap teenwoordig kan wees. King e.a. (2008:909) is ook tereg van mening dat die huisgesin dikwels 'n smeltkroes vir taalideologiese konflik word. Spolsky (2012:7) omskryf hierdie konflik as 'n stryd tussen 'n verbintenis om 'n nuwe dominante taal aan te leer en die handhawing van 'n erfenistaal. Vir Spolsky (2012:7) gaan dit ook hier om die kontrastering tussen ekonomiese en praktiese argumente en identiteit. Crystal (2003:103) noem ook dat houdings binne taalgemeenskappe nie noodwendig dieselfde is nie en dat gesinne selfs kan verskil ten opsigte van etniese identiteit en taalverskuiwing. Die sikliese aard of tweerigtingverhouding van samelewings- en gesinsideologieë oor generasies, met verwysing na taal, word deur King e.a. (2008:913) beklemtoon.

Gesinstaalbeplanning speel ook 'n unieke rol in immigrantkontekste. Curdt-Christiansen (2009:353) toon aan dat immigrantgesinne dikwels probleme ervaar om reëls ten opsigte van taalgebruik in die huis te stel. Immigrantouers se houding teenoor hul moedertaal blyk baie positief uit die literatuur, teenoor dié van kinders, wat eerder die dominante taal verkies (Zhang 2008:103, 216). Immigrantouers doen ook veral moeite om die moedertaal met hul kinders te gebruik (Spolsky 2009:18). Volgens Curdt-Christiansen (2009:371) beskou Chinese immigrantouers in Kanada (in die betrokke studie) meertaligheid as iets positiefs, en is tale 'n belangrike sosiopolitiese middel tot sosiale vooruitgang. Dit gebeur egter dat selfs met kodewisseling tussen 'n moedertaal en 'n dominante taal, in taalinteraksies tussen ouers en kinders, moedertaalvaardigheid by kinders kan afneem (Dorian 1995:130–1).

### **3. Afrikaanssprekende ekspatriate**

#### ***3.1 Literatuuroorsig van studies oor Afrikaanssprekende ekspatriate***

'n Aantal studies is al oor Afrikaanssprekende ekspatriate, oftewel immigrante in ander lande, gedoen (vgl. Barkhuizen 2006; Barkhuizen en De Klerk 2006; Barkhuizen en Knoch 2005; Barkhuizen en Knoch 2006; De Klerk en Barkhuizen 2004; Du Toit 2003; Hatoss, Starks en Janse van Rensburg 2011; Kotzé 2004; Kotzé en Biberauer 2006; Marchetti-Mercer en Roos 2013). In hierdie afdeling word 'n oorsig van die vorige werk kortliks weergegee.

Die emigrasie van Afrikaanssprekendes is nie net beperk tot die Suid-Afrika van na 1994 nie. Du Toit (2003:27–52) identifiseer twee diasporas. Die eerste diaspora verwys na trekke van Afrikaanssprekendes in Afrika buite die grense van Suid-Afrika (onder andere die huidige Namibië, Angola, Botswana,

Zimbabwe en Zambië); emigrasie na Noord-Amerika (nedersettings van kommandant W.D. Snyman en generaal Ben Viljoen in Meksiko), asook emigrasie na Suid-Amerika in Venezuela, Chili en Argentinië (reeds van 1901 af). Met betrekking tot die tweede Afrikanerdiaspora noem Du Toit (2003:33–4) dat Suid-Afrikaanse emigrante ook Europa, Kanada, die VSA en Brittanje verkies het. Dit is gevolg deur 'n toename in emigrasie na Australië en Nieu-Seeland ná die 1990's. Met hierdie tweede diaspora het Suid-Afrikaanse plaasboere selfs na die Republiek van die Kongo, Mosambiek en Uganda getrek (Du Toit 2003:35). Die uitbreiding van Du Toit (2003:37 e.v.) se ondersoek het 'n ontleding van 'n vraelys aan 33 ekspatriate in Nieu-Seeland behels, waarmee die stand van die Afrikaanse diaspora in Nieu-Seeland ondersoek is.

Kotzé (2004), asook Kotzé en Biberauer (2006), het taal as komponent van kulturele en persoonlike identiteit onder Suid-Afrikaanse ekspatriate in die VK ondersoek. Patrone rondom taalgebruik en taalhoudings is deur middel van vraelyste (n=185) ondersoek. Hier is bevind (Kotzé 2004:68–9; Kotzé en Biberauer 2006:63–5) dat meer Afrikaans juis gebruik word met vriende wat verder van die sprekers af is as familieledes, en minder in tweetaligheidssituasies binne die gesin. Die meerderheid deelnemers het hulself met positiewe taalverwante stellings geassosieer en verskeie kulturele aktiwiteite van Suid-Afrikaners ondersteun.

Bornman (2005:386, 397) het met 'n ondersoek van Suid-Afrikaners uit verskillende taal- en etniese groepe bevind dat die grootste persentasie moontlike emigrante uit Afrikanergeledere kom (vgl. Steyn en Duvenhage 2011:225). Uit die studie is dit ook duidelik dat sogenaamde “Afrikaanssprekende wit mense” hoë waarde aan handhawing van hul kultuur, taal en etnisiteit heg.

Barkhuizen en Knoch (2005:216) het sogenaamde taalverlange (linguistic longing) onder Afrikaanssprekende immigrante in Nieu-Seeland ondersoek. In hierdie studie was die fokus op die deelnemers se emosionele response op hul verminderde blootstelling aan of gebruik van Afrikaans. Onderhoude is met 28 Afrikaanssprekendes gevoer. Barkhuizen en Knoch (2005:216, 229) kom tot die gevolgtrekking dat taalverlange 'n teken van taalverlies of taalverskuiwing is (vgl. 2.2). Met dieselfde navorsingspopulasie (soos uit die beskrywing blyk) het Barkhuizen en Knoch (2006) gefokus op die bewustheid en houding van Afrikaanssprekende immigrante teenoor taalbeleid in Suid-Afrika en Nieu-Seeland, en uiteindelik hoe dit die gesin se taalpraktyke beïnvloed.

De Klerk en Barkhuizen (2004:99) en Barkhuizen en De Klerk (2006:277) het narratiewe onderhoude gevoer met 15 Afrikaanssprekende immigrante na Nieu-Seeland onmiddellik voordat hulle na hierdie land vertrek het. De Klerk en Barkhuizen (2004:99) het die respondente se mening omtrent hul moedertaal, Engels en die Suid-Afrikaanse taalbeleid ondersoek, en bevind dat hierdie respondente nie verantwoordelik wil wees om die status van Afrikaans

in stand te hou en dus te handhaaf nie – die verantwoordelikheid word oorgelaat aan Afrikaanssprekendes wat in Suid-Afrika bly. In hierdie verband het Hatoss e.a. (2011:20) ook bevind dat hul respondente nie bekommerd oor die toekoms van Afrikaans is nie. In die ontleding van Barkhuizen en De Klerk (2006:277) is gefokus op bekommernisse en verwagtings omtrent taal en identiteit tydens immigrasie.

Barkhuizen (2006:63) het ook narratiewe onderhoude gevoer met Afrikaanssprekende immigrantouers wie se kinders 18 jaar en jonger was en dwarsoor Nieu-Seeland woon. Die fokus van hierdie ondersoek was op die persepsies rondom die verandering van kinders se taal. 'n Duidelike verskuiwing van Afrikaans na Engels is by die kinders aangetref, en ten spyte van teenstrydighede in die terugvoer van ouers is dit duidelik dat die verskuiwing na Engels meer voordele inhou.

Hatoss e.a. (2011:4, 9) het taalhandhawing onder 17 Afrikaanssprekende gesinne deur middel van onderhoude in die stad Toowoomba in Australië ondersoek. Hulle het bevind dat, behalwe 'n hoë vlak van tweetaligheid, die Afrikaanse gemeenskap tekens van taalverskuiwing en 'n swak verbintenis tussen taal en identiteit getoon het.

Marchetti-Mercer en Roos (2013) het op die sielkundige ondervindings van Afrikaanssprekende emigrante gefokus deur middel van kwalitatiewe navorsing, gebaseer op onderhoude met deelnemers uit tien gesinne wat op die punt gestaan het om te migreer. Volgens hierdie navorsing is emigrasie 'n proses van verlies van interpersoonlike verhoudings en kultuur. Die belangrike rol wat taal ten opsigte van identiteit speel, word beklemtoon. Verder is dit ook uit die studie duidelik dat daar 'n vrees bestaan dat Afrikaanssprekende emigrante se kinders hul taal kan verloor.

Hieruit kan daar afgelei word dat die meeste van die genoemde studies geografies redelik beperk was en op uiteenlopende aspekte gefokus het. Hierdie agtergrond dui ook op die noodsaaklikheid van die navorsing waaroor in hierdie artikel verslag gedoen word.

### ***3.2 Engels en Engelssprekende lande as faktor by ekspatriate***

Uit die literatuur rondom Afrikaanssprekende ekspatriate is dit duidelik dat Engels 'n rol speel by die keuse van emigrasiebestemming en dat die VSA, die VK, Kanada, Australië en Nieu-Seeland belangrike bestemmings is (Kotzé en Biberauer 2006:49). Afrikaanssprekendes is oor die algemeen tweetalig, en Engels word algemeen in Suid-Afrika deur hierdie groep gebruik.

Engels word in Suid-Afrika en dwarsoor die wêreld as 'n lingua franca, of algemeen verstaanbare taal tussen mense met verskillende tale, gebruik (Crystal 2008:282; Edwards 1994:1; Ferguson 2006:110–48; Kamwangamalu 2003:65–7). Dus is Engelssprekende lande gewilde emigrasiebestemmings.

#### 4. Navorsingsmetode


Met hierdie artikel word gepoog om die aard van taalverskuiwing en taalhandhawing deur volgehoue gebruik van die taal onder Afrikaanssprekende ekspatriate te ondersoek. Vir hierdie doel is van 'n aanlyn vraelys gebruik gemaak. Die vrae is so gestruktureer dat dit nie net die status en gebruik van Afrikaans bepaal nie, maar ook die breër agtergrond en konteks van ekspatriate omskryf. Die kwantitatiewe data uit die geslote vrae is, waar relevant, deur middel van SPSS Statistics-sagteware<sup>6</sup> (weergawe 21) verwerk. Verder is die kwalitatiewe response gekodeer met die gebruik van Atlas.ti.

#### 5. Navorsingspopulasie

Die navorsingspopulasie van hierdie ondersoek behels Afrikaanssprekende respondente (n=1 362) wat uit Suider-Afrika na verskillende lande geëmigreer het. Die fokus was op Suider-Afrika, ten einde ook individue wat byvoorbeeld uit Namibië geëmigreer het, te akkommodeer. Die respondente het 'n aanlyn vraelys voltooi wat gekoppel is aan 'n Facebook-groep vir Afrikaanssprekende ekspatriate. Deelname aan die navorsing was vrywillig, die respondente het ingeligte toestemming verleen, en terugvoer sal na afloop van die navorsing aan al die respondente verskaf word.

Die land waarin respondente woon, word in grafiek 1 hier onder voorgestel.

**Grafiek 1. Land waarin respondente woon**




Duidelik is die meeste van die respondente in Australië (n=393), gevolg deur Nieu-Seeland (n=280), die VSA (n=193), die VK (n=96), Kanada (n=66),

Suid-Korea (n=62), Katar (n=34), die Verenigde Arabiese Emirate (n=32), Nederland (n=27) en België (n=23). Ander lande wat vyf en meer respondente opgelewer het, sluit in: Duitsland, Ierland, Saoedi-Arabië, Noorweë, Oostenryk, Oman, Spanje, Switserland, Thailand, Denemarke en Finland.

## 6. Kwantitatiewe data uit die vraelys

Die respondente het uiteenlopende redes aangebied waarom hulle Suider-Afrika verlaat het.

### Grafiek 2. Waarom het jy besluit om Suider-Afrika te verlaat?



Emigrasie van Suider-Afrikaners en spesifiek ook Afrikaanssprekendes is al wyd ondersoek en word veral toegeskryf aan veiligheid-, onderwys- en ekonomiese faktore in Suid-Afrika (Barkhuizen 2006:65; Barkhuizen en De Klerk 2006:280; Bornman 2005:397). By vraag 1 kon respondente alle relevante items kies. Volgens grafiek 2 is die hoofredes waarom die navorsingspopulasie Suider-Afrika verlaat het, dat daar nie 'n toekoms vir die respondente of hul kinders in Suider-Afrika is nie, en die politieke situasie, asook die veiligheidsituasie, in Suider-Afrika wat onhoudbaar geword het. Uit die response is dit egter duidelik dat daar uiteenlopende redes is hoekom hulle Suider-Afrika verlaat het, en dit sluit aan by dit wat uit die literatuur na vore kom (vgl. Marchetti-Mercer en Roos 2013). Die volgende redes is ook uit die kwalitatiewe ontleding uitgelig (die nommers tussen blokhakies verwys na die respondentnommers; verwys na deel 7 vir meer inligting omtrent die kwalitatiewe ontleding):


– Goeie werksgeleentheid [V22, V25, V95, V274, V309, V396, V427, V476, V500, V546, V595, V615, V692, V846, V975, V994, V1146,



- V1229, V1332 en V1352]
- Misdad, geweld en veiligheid [V24, V49, V75, V110, V164, V185, V297, V459, V507, V668, V705, V745, V830, V850, V1034, V1158, V1171, V1281, V1331 en V1350]
  - Rassisme [V49, V462, V959 en V983]
  - Ondersteuning vir gestremdes / mediese kondisies [V55, V757, V921, V1203 en V1330]
  - Korruptsie [V75, V662, V673 en V705]
  - Studies [V95, V124, V541, V552, V604, V846 en V1162]
  - Swak onderwysstelsel [V251, V424 en V705]
  - Verswakking van infrastruktuur en dienslewering [V331, V662, V983 en V1158]
  - Om te kan reis [V358, V396, V431, V482, V536, V546, V670, V692, V700, V798, V822, V1314, V1324, V1334 en V1335]
  - Godsdienstige redes/sendingwerk [V20, V272, V342, V427, V435, V669, V793, V794, V961, V969, V1016, V1114, V1166, V1187, V1325, V1332 en V1340]
  - As kind saam met ouers geneem [V28, V30, V102, V340, V460, V564, V568, V569, V868, V944, V982 en V1311]
  - Persoonlike redes of wou van gesin/familie af wegkom [V299, V518, V716 en V1109]
  - Regstellende aksie [V571, V724, V830, V1136 en V1302]
  - Werk verloor [V1035 en V1064].

Op die vraag of die respondente weer sou wou terugkeer om in Suider-Afrika te woon, het die respondente soos volg geantwoord:


### Grafiek 3. Wat is die moontlikheid dat jy weer sal terugkeer om in Suider-Afrika te woon?



Die meeste van die respondente (59%) het aangedui dat dit onwaarskynlik is dat hulle ooit weer in Suider-Afrika sal woon, gevolg deur 22% wat aangedui het dat daar 'n skraal kans is, en 9% dat daar 'n redelike kans is dat hulle sou terugkeer. Slegs 10% van die respondente beplan beslis om weer in Suider-Afrika te woon.

'n Verdere belangrike veranderlike om in ag te neem, is hoe lank die respondente reeds buite Suider-Afrika woon.

**Grafiek 4. Vir hoe lank woon jy al buite Suider-Afrika?**



Volgens grafiek 4 is die meeste van die respondente tussen meer as een jaar, maar nie minder as twintig nie, reeds buite Suider-Afrika, met 29% van die respondente tussen een en vyf jaar, 30% tussen vyf en tien jaar, en 31% tussen tien en twintig jaar. Die relevansie van die tyd sedert migrasie plaasgevind het, word ook deur die literatuur bevestig. Hulsen (2000:22) noem dat hoe meer tyd verloop het sedert migrasie, hoe groter die kans dat taalverlies kan plaasvind, aangesien dit moeilik is om taalhandhawing toe te pas in 'n omgewing waar taalkontak min is. Dit is egter belangrik om daarop te let dat dit nie tydsverloop is nie, maar juis taalkontak met ander tale oor tyd wat taalverlies tot gevolg kan hê (Hulsen 2000:22).

Die belangrikheid van die Afrikaanse taal en kultuur vir die respondente is ook getoets.

### Grafiek 5. Hoe belangrik is die Afrikaanse taal en kultuur vir jou?



Volgens grafiek 5 is dit duidelik dat vir die meeste (58%) van die respondente die Afrikaanse taal en kultuur nog altyd baie belangrik was en is. Hierteenoor is dit ook duidelik dat vir 21% van die respondente dit as kinders belangrik was, maar nou nie meer nie. Vir 16% van respondente is dit veral in hulle nuwe emigrantkonteks belangriker as voorheen.

'n Aantal ja/nee-vrae is omtrent die taalgebruik en -voorkeur van die respondente gerig en word in tabel 1 saamgevat.

is dit ook duidelik dat vir 21% van die respondente dit as kinders belangrik was, maar nou nie meer nie. Vir 16% van respondente is dit veral in hulle nuwe emigrantkonteks belangriker as voorheen.

'n Aantal ja/nee-vrae is omtrent die taalgebruik en -voorkeur van die respondente gerig en word in tabel 1 saamgevat.

**Tabel 1. Vrae omtrent taalgebruik en –voorkeur**

	n	Persentasie
5.1 Die huistaal waarin ek grootgeword het, is Afrikaans	1 360	99,9%
5.2 Die huistaal waarin ek grootgeword het, is nie Afrikaans nie	24	1,8%
5.3 Ek het nie 'n eggenoot/lebensmaat nie	139	10,2%
5.4 My eggenoot/lebensmaat se moedertaal is Afrikaans en ons praat meestal Afrikaans met mekaar	834	61,2%
5.5 My eggenoot/lebensmaat se moedertaal is Afrikaans, maar ons praat meestal nie met mekaar Afrikaans nie	15	1,1%
5.6 My eggenoot/lebensmaat se moedertaal is Afrikaans en ons praat meestal Afrikaans met mekaar, maar nie voor die kind(ers)	5	0,4%

nie		
5.7 My eggenoot/leuensmaat se Afrikaans is zero of baie gebrekkig – ek praat nie Afrikaans met hom/haar nie	119	8,7%
5.8 My eggenoot/leuensmaat se Afrikaans is zero of baie gebrekkig – ek probeer hom/haar 'n bietjie Afrikaans leer	119	8,7%
5.9 Ek het nie kinders nie	268	19,7%
5.10 Ek praat altyd Afrikaans met my kind(ers)	596	43,8%
5.11 Ek praat meestal Afrikaans met my kind(ers)	274	20,1%
5.12 Ek praat soms Afrikaans met my kind(ers), maar meestal nie	151	11,1%
5.13 Ek praat nooit Afrikaans met my kind(ers) nie	47	3,5%
5.14 Ek praat met sommige van my kinders Afrikaans, maar met ander nie	49	3,6%
5.15 My kind(ers) praat meestal Afrikaans met my	582	42,7%
5.16 My kind(ers) praat net soms Afrikaans met my	150	11,0%
5.17 Sommige van my kinders praat Afrikaans met my, maar ander nie	99	7,3%
5.18 My kind(ers) praat nooit Afrikaans met my nie	92	6,8%
5.19 Ons praat ook soms 'n ander taal in ons huis wat nie Afrikaans of Engels is nie	66	4,8%
5.20 Ons praat ook dikwels 'n ander taal in ons huis wat nie Afrikaans of Engels is nie	72	5,3%

Byna al die respondente (99,9%) is Afrikaanssprekend en die meeste van hulle (61,2%) se eggenoot of leuensmaat het ook Afrikaans as moedertaal. Met betrekking tot die gebruik van Afrikaans met hul kinders het 43,8% van die respondente aangedui dat hulle altyd met hulle kinders Afrikaans praat, gevolg deur 20,1% wat dit meestal doen en 11,1% wat dit soms doen. Verder praat 3,5% nooit en 3,6% net met sommige kinders Afrikaans. Die gebruik van Afrikaans deur die kinders stem redelik ooreen hiermee, nl. 42,7% wat meestal Afrikaans met hul ouers praat, 11,0% wat dit soms praat en 6,8% wat dit nooit doen nie. In enkele huise word ander tale behalwe Afrikaans en Engels wel gepraat: 4,8% doen dit soms en 5,3% doen dit dikwels.

Ter uitbreiding van die voorgaande is die onderstaande redes, soos in tabel 2 uiteengesit, by die respondente getoets.

**Tabel 2. Konteks en redes vir taalvoorkeur**

	n	Persentasie
6.1 Ek het nie 'n eggenoot/leuensmaat of kinders nie	102	7,6%
6.2 My eggenoot/leuensmaat se taal het bepaal watter taal/tale ons in die huis praat	140	10,4%
6.3 Afrikaans is my taal, en ek wil hê dit moet ook my gesinstaal wees	863	64,0%
6.4 Ek is nou in 'n nuwe land, en dit is onsinnig om vas te klou aan 'n taal en kultuur van ons verlede	110	8,2%
6.5 Een of meer van my kinders is selfbewus oor die aksent waarmee hy/sy/hulle Afrikaans praat, en verkies dus om dit nie te praat nie	56	4,2%
6.6 Ek glo my kinders sal beter ontwikkel en presteer as hulle net met	24	1,8%

een taal grootword		
6.7 Ek glo my kinders sal beter ontwikkel en presteer as hulle twee of meer tale kan verstaan en praat	679	50,4%
6.8 Afrikaans is 'n onbelangrike en oorbodige taal in die deel van die wêreld waar ons leef en waarin my kinders grootword	65	4,8%
6.9 As my kinders Afrikaans verstaan en kan praat, sal hulle nog meer by ons Suid-Afrikaanse familie en vriende tuis voel, en dit is vir my belangrik	594	44,1%

Met betrekking tot die konteks van die taalvoorkeur het die meeste respondente (64,0%) aangedui dat Afrikaans hul taal is en dat hulle wil hê dat dit hul gesin staal moet wees. Ongeveer die helfte (50,4%) van die respondente glo dat hul kinders beter sal ontwikkel en presteer as hulle twee of meer tale kan verstaan en praat.

Ten einde onderlinge afhanklikheid / korrelasies tussen die voorafgaande vrae te bepaal, is 'n chi-kwadraattoets en Cramér se V deur middel van SPSS Statistics-sagteware (weergawe 21) uitgevoer. Slegs relevante gevalle waar die p-waarde van die chi-kwadraattoets kleiner as 0,05 en die resultaat dus statisties beduidend is (vgl. Ellis en Steyn 2003), en die Cramér se V-waarde groter as 0,2 en dus prakties beduidend is, word weergegee.

**Tabel 3. Taalgebruik in die huis met betrekking tot tyd buite Suider-Afrika**

Tyd buite Suider-Afrika	Gebruik Afrikaans en/of Engels	Gebruik 'n taal anders as Afrikaans of Engels
Een jaar of minder	96,0%	4,0%
Meer as een maar nie meer as vyf jaar nie	97,7%	2,3%
Meer as vyf jaar, maar nie meer as tien jaar nie	97,3%	2,7%
Meer as tien jaar, maar nie meer as twintig jaar nie	92,3%	7,7%
Meer as twintig jaar	70,9%	29,1%

*Pearson chi-kwadraat:  $p < 0,001$*

*Cramér se V = 0,243*

Dit is duidelik in Tabel 3 dat die gebruik van 'n taal anders as Afrikaans of Engels, veral by 'n periode van meer as twintig jaar buite Suider-Afrika, vir die respondente waarskynliker (29,1%) sal wees as onder ander omstandighede. Soortgelyke prakties beduidende resultate is met betrekking tot kinders se taalgebruik bevind.

**Tabel 4. Gebruik van Afrikaans teenoor kinders met betrekking tot tyd buite Suider-Afrika**

Tyd buite Suider-Afrika	Ek praat Afrikaans met my kind(ers)	Ek praat nie Afrikaans met my kind(ers) nie
Een jaar of minder	96,0%	4,0%
Meer as een maar nie meer as vyf jaar nie	99,0%	1,0%
Meer as vyf jaar, maar nie meer as tien jaar nie	98,3%	1,7%
Meer as tien jaar, maar nie meer as twintig jaar nie	94,8%	5,2%
Meer as twintig jaar	80,0%	20,0%

*Pearson chi-kwadraat:  $p < 0,001$   
Cramér se  $V = 0,210$*

Weer eens (tabel 4) is dit veral in gevalle waar respondente meer as twintig jaar buite Suider-Afrika woon, dat daar eerder (20,0%) nie met kinders Afrikaans gepraat word nie. Daar bestaan ook 'n prakties beduidende korrelasie tussen die gebruik van Afrikaans en of kinders moontlik 'n toekoms in Suider-Afrika gaan hê of nie.

**Tabel 5. Taalgebruik met betrekking tot 'n toekoms vir kinders in Suider-Afrika**

	My kind(ers) praat meestal Afrikaans met my	My kind(ers) praat nie meestal Afrikaans met my nie
Ek het gevoel daar is 'n toekoms vir my kinders in Suider-Afrika	68,8%	31,2%
Ek het gevoel daar is nie 'n toekoms vir my kinders in Suider-Afrika nie	45,3%	54,7%

*Pearson chi-kwadraat:  $p < 0,001$   
Cramér se  $V = 0,238$*

Daar bestaan (tabel 5) 'n prakties beduidende korrelasie tussen die persentasie kind(ers) wat Afrikaans met die respondente praat en die gevoel by respondente dat daar 'n toekoms vir hul kinders in Suider-Afrika is.

Aangesien die navorsingspopulasie uit 54 verskillende lande kom, is hulle in drie groepe vir verdere ontleding verdeel: Ander, Engelssprekende lande en Nederlandssprekende lande. Hierdie groepering ignoreer die feit dat Engels byvoorbeeld in lande wat onder "Ander" ressorteer, wel 'n spesiale rol as handel- en werkstaal kan vervul.

**Tabel 6. Groepering van navorsingspopulasie op grond van taal**

Taal	Lande	N
Ander	Suid-Korea, Katar, VAE, Duitsland, Noorweë, ens.	258
Engels	VK, VSA, Australië en ander Engelstalige lande.	1 054
Nederlands	Nederland en België	50

Ten eerste (tabel 7) het die groepering op grond van taal 'n prakties beduidende korrelasie getoon met betrekking tot 'n aantreklike werksgeleentheid wat in die buiteland aangebied is as rede waarom Suider-Afrika verlaat is. Die persentasies wat volg, dui nie 'n breukdeel van die totale populasie aan nie, maar wel die persentasie van die respondente wat op 'n bepaalde vraag positief geantwoord het.

**Tabel 7. Taalgroepering en 'n aantreklike werksgeleentheid in die buiteland as rede waarom Suider-Afrika verlaat is**

Taal	
Ander	45,3%
Engels	15,9%
Nederlands	30,0%

*Pearson chi-kwadraat:  $p < 0,001$*

*Cramér se  $V = 0,280$*

Dus gaan die meeste (45,3%) respondente, soos in tabel 7 aangetoon, na lande waar Engels en Nederlands nie die amptelike taal is nie, en veral as 'n aantreklike werksgeleentheid daar aangebied word. Vir hierdie individue gaan dit dus oor finansiële oorwegings en nie noodwendig oor die behoud van 'n taal/kultuur soortgelyk aan hul eie of dit wat in Suider-Afrika ervaar word nie. Die taal van die nuwe land het ook 'n invloed op die gebruik van ander tale in die huis.

**Tabel 8. Taalgroepering en sporadiese gebruik van 'n ander taal in die huis wat nie Afrikaans of Engels is nie**

Taal	
Ander	10,5%
Engels	2,2%
Nederlands	32,0%

*Pearson chi-kwadraat:  $p < 0,001$*

*Cramér se  $V = 0,289$*

Slegs in Nederlandstalige lande is daar 'n praktiese beduidende taalverskuiwing weg van Afrikaans en Engels na Nederlands (30,0%). 'n Soortgelyke resultaat word ook gevind waar respondente kon aandui dat hulle gereeld 'n ander taal as Afrikaans en Engels gebruik.

**Tabel 9. Taalgroepering en gereelde gebruik van 'n ander taal in die huis wat nie Afrikaans of Engels is nie**

Taal	
Ander	16,3%
Engels	1,4%
Nederlands	30,0%

*Pearson chi-kwadraat:  $p < 0,001$*

*Cramér se  $V = 0,289$*

Tabel 9 toon ook dat van die respondente in Nederlandstalige lande aangetoon het dat hulle 'n ander taal, in dié geval ook waarskynlik Nederlands, eerder as Afrikaans of Engels sal gebruik.

Ten slotte het taalgroepering met betrekking tot die terugkeer van Suid-Afrika ook praktiese beduidende resultate opgelewer.

**Tabel 10. Taalgroepering en gereelde gebruik van 'n ander taal in die huis wat nie Afrikaans of Engels is nie**

Taal	Dit is uiters onwaarskynlik dat ek ooit weer in Suider-Afrika sal woon	Daar is 'n skraal kans dat ek weer in Suider-Afrika sal woon	Daar is 'n redelike kans dat ek weer in Suider-Afrika sal woon	Ek beplan beslis om weer in Suider-Afrika te woon
Ander	25%	24%	21%	29%
Engels	68%	21%	6%	5%
Nederlands	28%	28%	26%	18%

*Pearson chi-kwadraat:  $p < 0,001$*

*Cramér se  $V = 0,314$*

Veral Engelssprekende lande blyk eerder permanente wonings vir ekspatriate te wees, terwyl die menings verder eweredig oor die ander taalgroeperings verspreid voorkom.

Met voorafgaande konteks in ag genome, is daar ook 'n kwalitatiewe ontleding gedoen van die response op die oop vrae in die vraelys, asook data wat van die navorsing se Facebook-groep gehaal is.

## 7. Kwalitatiewe ontleding van data uit die vraelys en Facebook-groep

Slegs 476 respondente van die navorsingspopulasie het die oop vraag aan die einde van die vraelys beantwoord, waar uitbreidings op die vorige vrae of enige verdere kommentaar gelaat kon word. Die response word hier onder verbatim aangebied. Slegs response wat op die “muur” van die geslote



Facebook-groep geplaas is, is vir hierdie navorsing gebruik. In die beskrywing van die groep is daar aangedui dat plasings deur die Facebook-groep vir navorsing gebruik sou word. Die respondente, wat totaal anoniem vir doeleindes van hierdie ondersoek gehou word, word deur middel van 'n getal tussen blokhakies geïdentifiseer. Die letter “V” vooraan die getal dui aan dat die respons uit 'n vraelys kom, en 'n “F” is vir response vanuit die Facebook-groep.

Ten spyte van die feit dat die Facebook-groep gestig is met die fokus op taalgebruik deur Afrikaanssprekende ekspatriate, word die volgende onderwerpe ook gereeld op die groep hanteer:


- Hantering van nuwe omgewing
- Vra vir raad omtrent visums en ander finansiële en administratiewe sake
- Deel van Suid-Afrikaanse resepte, liedjies en YouTube-video's
- Besprekings van nuusgebeure in SA
- Plaas van foto's van plekke waar ekspatriate bly
- Gesprekke rondom ervarings in 'n nuwe land
- Advertensies van byeenkomste, feeste en aanlyn uitsendings vir Suid-Afrikaners
- Uitnodigings na ander verwante Facebook-groepe en webwerwe.

Plasings wat buite die bestek van hierdie navorsing val, is vir die ontleding geïgnoreer.

Temas en kodes is vanuit die kwalitatiewe ontleding geïdentifiseer en word hierna saam met Atlas.ti-skemas weergegee.

### 7.1 Tema: Taalhandhawing

**Figuur 3. Taalhandhawing en relevante kodes**



### 7.1.1 Kode: Aktiewe gebruik van Afrikaans met kinders

Dit is duidelik dat taalhandhawing plaasvind weens volgehoue gebruik van Afrikaans in die konteks van die huisgesin. Verder word veral die trots op die gebruik van die taal as rede aangevoer. Ouers oefen ook nie druk uit om Afrikaans op kinders af te dwing nie en laat die gebruik spontaan verloop. Aanhalinge wat met hierdie kode geassosieer kan word (en geïllustreer word deur die tekste wat onveranderd hier onder geplaas word), sluit in:

[F28] Ons praat net Afrikaans met ons kinders. Hier aangekom toe hulle 7 & 8 was. Hulle is nou al deur die Amerikaanse skole en college en hulle altwee is vlot in albei tale. Behalwe miskien vir n bietjie Afrikaanse spelfoute. Hulle txt ons in Afr en dan is daar partykeer spelfoute. Ons dogter moes ekstra Engelse klasse neem gedurende haar laerskool jare, maar dis al. Verder het dit goed gegaan. So trots op hulle!

[V34] Baie trots om Suid Afrikaner te wees en AFRIKAANS te praat ook in buiteland

[V281] Afrikaans as taal is vir my belangrik om behoue te bly. Hoewel ek my kinders sal grootmaak om meer as een taal vlot te praat, sal ek nie duld dat hulle Afrikaans nalaat nie.

[V503] Afrikaans is wel vir my belangrik, en ek hoop my kind sal wel die taal optel deur te luister na my en my man. Ek is nie teen die taal gekant nie, maar hy word heeldag blootgestel aan Engels en ek wil nie Afrikaans op hom "forseer" nie.

[V524] Ons plaas geen druk op ons kinders om afrikaans te praat, met die gevolg dat afrikaans steeds ons huistaal is!

[V918] Ek is baie trots op my taal. Dit is my erfenis en ons het so stryd oor die jare gevoer om dit behoue te laat bly dat ek moeite gaan doen sodat my kinders dit ook sal respekteer en geniet!

[V704] Ons is van die min Afrikaanse gesinne wat volhou om die taal by ons kinders te bevorder in Perth, en sal volhou om dit te doen.

[V1223] Ek glo dat jy jou moedertaal moet koester – dis wie jy is!

### 7.1.2 Kode: Tweetaligheid

Die tweetaligheid met Afrikaans en Engels van Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika word deur ekspatriate voortgesit. Verder is die taalomstandighede in ander lande ook bevorderlik vir twee- en meertaligheid. Taalkeuses word

aangepas na gelang van die konteks en watter tale persone in 'n gespreksituasie magtig is.

[V21] As Afrikaans sprekende persoon wat tweetalig is (afrikaans en Engels) is dit 'n gewoonte om oor te slaan in Engels as iemand met jou Engels praat. My kinders praat baie Engels – hulle woordeskat is groter in Engels en daarom verkies hulle om Engels te praat. Sodra hulle met my engels praat skakel ek dadelik oor sonder om eers daarvoor te dink.

[F50] Ons bly al 23 jaar in Paraguay en ons huistaal bly Afrikaans. My kinders en kleinkinders praat vlot Spaans maar as hul by ons kom kuier praat ons almal suiwer Afrikaans. As ons by Afrikaanse vriende gaan kuier, praat ons met kinders en al, almal Afrikaans.

[V110] Kinders presteer beter in hul eerste taal en ek wou die onderrig taal (Engels) hul eerste taal maak en Afrikaans 'n tweede taal. Nou dat die kinders ouer is, is hul Afrikaans aan die verbeter.

[V123] Praat meeste Afrikaans tuis, behalwe as gaste wat bv. Engels is teenwoordig is.

[V207] Ek het nog altyd Engels waardeur vir die ryk kultuur en media daarin beskikbaar, en is tans 'n onderwyser van Engels in Suid Korea. Ek wou nog altyd in Asia woon, en die was my geleentheid. Ek glo dat tweetaligheid jou toelaat om 'n wyer lewensuitkyk te besig, en ek verkies Engels bo Afrikaans.

[V524] Ons kinders is heeltemal tweetalig en gemaklik in albei tale.

[V944] ... ons het as kinders self besluit om ons Afrikaans so suiwer as moontlik te hou ... hoekom 'n taal verloor eerder as om een by te kry?

### *7.1.3 Kode: Toename in gebruik en belangrikheid van Afrikaans buite Suid-Afrika*

Vir sommige respondente is die gebruik van Afrikaans juis buite Suid-Afrika belangriker as toe hulle nog in Suid-Afrika gewoon het.

[V7] ... ons praat nou meer afrikaans hier in Texas as ooit tevore.

[V556] As mens in die buiteland woon word mens se taal en kultuur soveel belangriker op 'n persoonlike vlak.

### *7.1.4 Kode: Aanleer van Afrikaans buite Suid-Afrika*

Die omstandighede waarin ekspatriate hulle bevind, lei daartoe dat kinders wat daar gebore word, Afrikaans deur hul ouers en grootouers geleer word.

[F14] My kinders praat ook nog Afrikaans en my kleinkinders verstaan en van hulle is nou besig om die taal te leer ...

[V676] ... ek leer my kleinkinders my taal afrikaans

### 7.1.5 Kode: Taalhandhawing dien as skakel met Suid-Afrika


'n Motivering vir taalhandhawing onder die respondente is die feit dat Afrikaans 'n direkte band vorm met Suid-Afrika en familie wat steeds daar bly.

[V173] Net die feit dat ek nie meer in SA is nie hoef my nie te stop om Afrikaans te praat en te verwag dat my kinders dit steeds moet praat nie ... dit is al konneksie wat hulle het met hulle SA familie ... dit bly vir ons as gesin belangrik!!!

[V1352] Deur my taal te verstaan, is my kinders emosioneel na aan hulle Suid-Afrikaanse familie. Hulle is trots op hulle herkoms en voel baie tuis in die VSA en RSA.

## 7.2 Tema: Taalverskuiwing

**Figuur 4. Taalverskuiwing en relevante kodes**



### 7.2.1 Kode: Afname in gebruik van Afrikaans

Die afname in gebruik van Afrikaans is veral te wyte aan die feit dat ouers verkies om nie Afrikaans met kinders te praat nie. Dit blyk ook dat respondente of kinders self verkies om eerder die taal van hul nuwe land te gebruik ten koste van Afrikaans.

[F22] Ek het gevind met my kinders het ons wel aanhou Afrikaans praat maar hulle gebruik sover as wat die geskrewe woord gaan het,

het gestagneer want al blootstelling wat hulle aan die afrikaanse geskrewe woorde het is as ek hulle teks. Hulle kan dit nog baie goed verstaan maar is albei nou met Kiwi's getroud en praat nooit Afrikaans nie. Hulle verstaan dit egter en een van ons skoonseuns is besig om dit te leer.

[F72] Ek is bitter spyt dat ek nie Afrikaans met my kinders gepraat het toe hulle klein was nie maar ons het op daardie stadium gedink ons sal gou weer terug wees in SA. Nou wil hulle Afrikaans leer, is daar iets soos Teach yourself Afrikaans?

[V216] My kinders se maats is meestal engels, dus praat ons baie engels deesdae in die huis.

[V331] Jong kinders slaan van self oor na engels en dis baie moeilik om hulle weer te leer afrikaans praat.

[V969] My ma, ouma en oupa wou baie graag he dat ek Afrikaans moes behou en ek het dit as druk ervaar.

[V974] ... ek het met ontugtering agtergekom dat daar ander Afrikaanse gesinne is waar die kinders nie meer Afrikaans kan/wil praat nie, hoewel hul dit nog verstaan. Net daar het ek as ma besluit, dit sal NIE by ons gebeur nie!

[V996] As Afrikaans-sprekende voel ek bevoorreg om 'n eie taal te kan praat – een wat heelwaarskynlik in die toekoms sal uitsterf.

### *7.2.2 Kode: Engels word gebruik om konsepte te verduidelik*

In bepaalde omstandighede is dit nodig vir ouers om kodewisseling, oftewel afwisseling van Afrikaanse gesprek met Engelse uitings in hierdie konteks, toe te pas ten einde effektiewe kommunikasie met kinders te bewerkstellig.

[F40] Ons praat net Afrikaans in die huis en Engels as ons tussen ander mense is. My jongste se eerste taal is definitief Engels en hy rol sy "R" soos die Engelse, hy sal vir my baie keer vra wat is die Engels vir 'n Afrikaanse woord wat ek gebruik, om dit beter te verstaan.

[V1163] My vyf jarige dogtertjie verstaan Afrikaans, alhoewel haar woordeskat beter is in Engels, so sy vra partykeer wat Afrikaans woorde beteken. Sy praat nie Afrikaans nie, en ek het nog nooit gevoel dis reg om daarop aan te dring nie, so ek praat Afrikaans en sy antwoord in Engels. Ons verwag dat dieselfde seker sal gebeur met ons seuntjie.

### 7.2.3 Kode: Soortgelyke tale maak die handhawing van die moedertaal moeilik

Deelnemers wat in Nederlandstalige lande – België en Nederland – woon, het gevind dat dit beter is om taalverskuiwing by kinders toe te laat. Op hierdie manier kan suksesvolle aanleer van Nederlands, al is dit ten koste van Afrikaans, vergemaklik word.

[F41] My kinders is 6 jr en 1 jr en beide in België gebore. Ons praat Afrikaans by die huis, maar ons seuntjie praat meer Nederlands met Afrikaanse woorde tussen-in. Dis vir my jammer dat hy nie suiwer Afr praat nie, maar hopelik sal hy later onderskei tussen die twee. Die 2 tale is so naby, maar tog soms so ver, van mekaar dat dit vir ons ook soms moeilik is.

[V217] Afrikaans en Nederlands is te naby aan mekaar om my kinders die twee tale te leer vanaf geboorte. Noudat hulle ouer is leer hulle dit makliker. Ek was bang dat hulle te veel agterstand in die Nederlandse taal sou kry as ek Afrikaans met hulle sou gepraat het vanaf geboorte.

[V745] Afrikaans is so digby Nederlands dat dit vir almal in die huis en ons nuwe vriende erg deurmekaar maak. Maar die verskille en ooreenkomste tussen die twee tale is ongelooflik! Ons jongste seun skryf en lees geen Afrikaans meer en vir ons is dit ook beter so – die mengsel van die twee tale is TE verkeerd!

[V795] Ek mis my taal, maar nie genoeg om terug te gaan SA toe nie, dis een van die dinge wat jij opgee as jij jou land verlaat. Dis lekker om dit te behou, maar nie ten koste van jou integrasie in die nuwe land nie. Ek dink nog baie in Afrikaans, en dit bly 'n mooi en lekker taal om te praat.

Hierdie kode is verwant aan die feit dat assimilasie juis makliker plaasvind in omgewings waar die emigrantkultuur en -taal soortgelyk of verwant is aan dié van die nuwe land waarin emigrante hulle bevind. Hulsen (2000:15–6) toon aan dat dié ooreenstemming tussen die Engelse en Nederlandse kultuur en taal assimilasie gefasiliteer het.

### 7.2.4 Kode: Die huisgesin ondervind taalverskuiwing of het besluit om taalverskuiwing te ondergaan

In die proses van integrasie met die nuwe kultuur kies sekere gesinne om ten volle na die teikentaal te verskuif. Aangesien die taal van die nuwe land vir die ekspatriate 'n hoër status en waarde het, word die moedertaal vir die dominante taal in die immigrantomgewing verruil. Soms is hierdie taalverskuiwing 'n doelbewuste keuse, en in ander gevalle voel die respondente dat, agterna beskou, omstandighede hulle daartoe gedryf het.

[V9] Ons het besluit om Amerikaners te word en dis wat ons is. Die volgende geslag sal waarskynlik nie Afrikaans ken nie.

[V79] ... in teenstelling met ander Afrikaanse kinders wat in SA gebore is, hiernatoe trek met Afrikaans reeds gevestig as 'n eerste taal en nou (blykbaar?) nie meer Afrikaans verstaan of praat nie en NET Engels praat!!

[V185] ... dit was altyd my wens om my kinders in my moedertaal groot te maak, maar die realiteit is ongelukkig dat ons nou in 'n land woon waar Engels die voertaal is, en om seker te maak dat ons kinders nie by die skool teruggehou word nie, moes ons ongelukkig ons huistaal verander na Engels, en is Afrikaans nou ons "tweede taal". Dit is baie hartseer, maar is nou ons realiteit. Ek poog egter om steeds my kinders Afrikaans te leer, selfs al kan hulle dit net praat en verstaan, sal die lees en skryf dalk later kom ...

[V214] Ek moes my kinders weer leer om Deens te praat na 'n vakansie in Suid-Afrika. Ek woon alleen met hulle en het besluit dat Deens die beste geleentehede vir my kinders se toekoms inhou.

[V483] ... wat die taal betref – ons sal waarskynlik oor 10 of 15 jaar helfte Engels en helfte Afrikaans in die huis praat indien nie meer Engels as Afrikaans nie. As ek kinders gehad het sou ek Engels met hulle gepraat het.

[V548] Dit is egter my persepsie dat mense met jonger kinders meer geneigd is om Engels met hulle kinders te praat ...

[V647] Daar is 'n tendens by baie van my afrikaans-sprekende vriende om glad nie Afrikaans met hulle kinders te praat nie. Ek vind dit baie vreemd en onnatuurlik ... Geen ander immigrante is so negatief teenoor hulle eie taal en hulle eie mense soos wat Afrikaners is nie.

[V726] Ek woon saam met 'n Spanjaard in Madrid en ons praat meestal Spaans by die huis en soms in Engels.

[V972] My kinders het in die buiteland groot geword en dit was vir my belangrik dat hulle assimileer. Toe hulle skool begin was hulle Australianers.

[V1108] Tog het ek ook geleer dat taal 'n middel is wat hoofsaaklik 'n funksie moet verrig en taal moet dus sy verbruiker dien en nie andersom nie. Die taal kan nie belangriker wees as jou kinders of die aanpassing nie, want dan raak dit vir almal baie swaar.

[V1174] Die rede hoekom ons Afrikaans nog praat – ons is daarmee gebore – baie mense besluit om Afrikaans uit te skakel net omdat dit nog 'n manier is om "vrede" te maak met hulle besluit om te immigrer en die immigrasie & aanpassing in die nuwe land makliker te maak.

[V1168] Ek vrees elke dag dat ek my Afrikaanse taal gaan verloor!

[V1194] Meeste van my vriende was Amerikaans so ek het maar net verleer om Afrikaans met my kinders te praat, nie dat ek nie trots op my taal was nie, soms is ek spyt ek het nie meer moeite met hulle gedoen om die taal te leer nie.

[V1297] Dit sal great wees as my kinders wou leer om Afrikaans te praat en in die kultuur belangstel, maar ek sal dit nooit op hulle dwing nie. Ek glo vas dat blootstelling belangrik is, maar ek lewe in land waar ek en my kinders eendag sal moet aanpas.

#### *7.2.5 Kode: Kinders verstaan Afrikaans, maar antwoord in 'n ander taal*

In sommige gevalle verstaan kinders wel Afrikaans, maar verkies hulle om in 'n ander taal, moontlik 'n dominante teikentaal, te antwoord om verstaanbaar te wees. Reeds hieruit is dit duidelik dat kinders moontlik nie selfversekerd of bevoeg voel om Afrikaans in alle gevalle te gebruik nie.

[F64] Ek praat Afrikaans met my kinders maar hulle antwoord in Duits.

[V90] Toe ons hier kom bly het, het die kinders Afrikaans met my gepraat (my man praat dit glad nie). Maar hulle moes baie vinnig Engels en Spaans leer vir skool. Die Afrikaans het baie vinnig "verdwyn" en praat 2 van my 3 kinders met my in Spaans, nie eens Engels nie.

[V1033] Ons praat altyd met ons kleinkinders Afrikaans maar hulle wil of kan nie en antwoord altyd in Engels.

#### *7.2.6 Kode: Daar is min kontak met Afrikaans buite die huis of huisgesin*

'n Probleem wat ekspatriate ondervind, is dat daar buite Suid-Afrika nie altyd geleentede buite die huis of huisgesin bestaan waar Afrikaans gebruik word nie. Kinders word onder beperkte omstandighede aan Afrikaans blootgestel; dus moet die taalgebruik in die huis meeding met 'n dominante teikentaal wat wyer, en veral in sosiale kringe en plekke soos die skool en media, gebruik word.

[V120] My kinders verloor die taal omdat hulle nie daarin skoolgaan of familie/gespreksgenote hier het wat dit met hulle praat nie.



[V136] Ons praat engels en afrikaans in die huis ... Omdat daar nie regtig ander Afrikaans om hulle gepraat word nie is daar 'n merkbare gebrek aan woordeskat, maar ek help waar ek kan.

[V254] My kinders praat meestal Afrikaans met ons as ouers, maar as hulle met mekaar praat, praat hulle meestal in Engels ... Afrikaans sekerlik ook na 'n geslag of 2 hier verdwyn.

[V362] Ek wens ek was minder taal ge-isoleer vir my dogter se part. Dis moeilik om haar in die taal te dompel as daar nie genoeg media en ander praters om ons is nie.

[V488] Dit is baie moeilik om Afrikaans gevestig te hou in ons huishouding, omdat die kinders so baie blootstelling aan Engels het, maar nie te min hou ons aan probeer.


[V786] Dis moeilik om 'n taal aan te leer as daar net een persoon is wat dit praat en jy dit bitter min hoor.

[V1100] My seun kon nie 'n woord Engels praat toe ons hierheen gekom het nie. Hy was 3. Nou kan hy glad nie Afrikaans praat nie. Hy wil graag maar kan nie. Dit is ten spyte van die feit dat ons "alleenlik" Afrikaans in ons huis praat. So, die invloed wat die samelewing het op jou en jou gesin se taal is groot. Die enigste manier om te verseker dat jou kinders nog Afrikaans praat is om hulle te forseer of net te ignoreer as hulle met jou engels praat. Dit het nie vir ons gewerk nie. Dis vir ons hartseer maar dit is die realiteit .

[V1318] My kinders is nog baie klein en ek vind dit moeilik om Afrikaans met hulle te praat, aangesien ek die enigste een is! Om tweetalig te wees sal hulle baie help eendag, maar nou vind ek hulle verstaan my nie. Wens daar was Afrikaanssprekendes naby my om te help.

### 7.3 Tema: Die skool as veranderlike in taalkeuse en -gebruik

**Figuur 5. Die skool as veranderlike in taalkeuse en -gebruik en relevante kodes**



### 7.3.1 Kode: Skool/onderwysers blameer taal as bron vir agterstand

In enkele gevalle is die gebruik van 'n moedertaal wat anders is as die voertaal in die skool, geblameer vir agterstande op skool.

[F16] ek praat met my kinders meestal afr, ... my dogter is 8 ... was 3 toe ons geemigreer het ... ek praat met haar in afr en sy respond in amerikaans ... nou en dan afrikaans ... my seun is 4 ... hys n yank ... ek praat net met hom in afr. ... nou se hulle by sy pre school ... is hy agter in sy spraak ... nou is my vraag ... moet ons ... of moet ons nie???? ek weet hy gaan vinnag aanpas in preschool ... maar hulle se hys nou agter

[V1308] Ons het besluit om die kinders Engels groot te maak nadat daar aan ons gese is dat dit die kinders sal verwar om hulle twee tale op die selfde tyd te vroeg te leer. Die persoon wat dit gese het was 'n Afrikaanssprekende ervare onderwyser wat by 'n Engelse skool skoolhoof was. Ek voel nou dat dit die verkeerde besluit was en se aan almal wat wil weet om vroeg te begin as daar twee tale in die huisgesin is.

### 7.3.2 Kode: Taal is nie rede vir agterstand op skool nie

Sekere respondente is self bewus daarvan dat die moedertaal nie ontwikkeling en prestasie op skool affekteer nie.

[F20] Ek en my man is al 2 onderwysers en ons het 3 kinders waarvan die jongste 7 jaar terug in die UK gebore is en al 3 kinders praat vlot Afrikaans. Ek stem saam: moet jou NIE steur aan die skool se raad nie. Dis eintlik baie beter vir kinders se ontwikkeling om meer tale aan te leer terwyl hulle jonk is.

### 7.3.3 Kode: Skool/onderwysers moedig gebruik van moedertaal aan

Onderwysers het ook sekere respondente aangemoedig om voort te gaan en hul moedertaal met hul kinders te gebruik.


[F34] ... ons praat net Afrikaans in die huis met ons kinders. Ons dogter (word 6 in Julie) is in vanjaar skool toe, en die Onderwyseres het vir ons gesê om net so voort te gaan. Glad nie met haar Engels praat by huis. Sy sal weldra die Engels in die skool optel. Sy't ook gesê beter as die kind Engels leer by Engelssprekendes (1ste taal) as wat sy van ons aksente afleer ...

[V1239] Ons is aangeraai deur die Aussie laerskool hier om ons moedertaal met ons kinders te bly praat want navorsing het getoon datbasiese begrippe in jou moedertaal voor die ouderdom van 6 jr vasgele^ word en ons kinders was almal oor 6 jr.

[V1259] Die ESL teacher by die skool het in ons eerste jaar hier in Aus gesê ons moet asb aanhou Afr praat sodat ons nie die kinders se woordeskat beperk met ons Engelse woordeskat nie. Dit was in elk geval die plan maar goed dat sy dit bevestig het!

#### 7.4 Tema: Ander moedertaal by eggenoot of lewensmaat

**Figuur 6. Ander moedertaal by eggenoot of lewensmaat en relevante kodes**



Uit die response is dit duidelik dat taalkeuses en -gebruik problematies is in gevalle waar een eggenoot of lewensmaat Afrikaanssprekend is en 'n ander dan 'n totaal ander taal praat, en dikwels nie eers Afrikaans ken nie.

##### 7.4.1 Kode: Eggenoot of lewensmaat praat 'n ander taal, maar leer Afrikaans

In sekere gevalle is dit moontlik vir 'n eggenoot of lewensmaat wat 'n ander taal praat, om ook Afrikaans aan te leer. Maar dit hang baie van die omstandighede en motivering af. In die geval van 'n verwante taal, soos Nederlands, help wedersydse verstaanbaarheid.

[V24] Alhoewel my vrou nie Afrikaans praat nie (sy is Chinees en leer nou bietjie Afrikaans), praat ek Afrikaans daagliks met verskeie vriende.

[V78] My vrou is Nederlands, maar praat Afrikaans goed. Ek praat Afrikaans met haar en sy praat Nederlands met my.

##### 7.4.2 Kode: Eggenoot of lewensmaat praat 'n ander taal en leer nie Afrikaans nie, of sukkel daarmee

Soms is dit nie moontlik nie, of kies 'n eggenoot of lewensmaat om nie Afrikaans aan te leer nie, en dan moet die Afrikaanssprekende aanpas en 'n ander taal gebruik. Die meertaligheid van bepaalde ekspatriategesinne is ook hier duidelik.

[V474] My man is Amerikaans, ons moet dus Engels praat, want hy kan nie Afrikaans praat nie.


[V520] My man is Engels en my Engels is baie beter as sy Afrikaans, dus praat ons Engels met mekaar.

[V534] Ons praat 3 tale in die huis. My man is nie van Suid Afrika nie en hy praat nie Afrikaans nie.

[V551] ... rede hoekom ons Hebreeus praat is oor my man nie Afrikaans praat nie, so dis Engels met my kinders en my man praat Hebreeus met ons kinders. Ek en hy praat Hebreeus met mekaar soms Engels. Ek praat soms Afrikaans met my kinders en lees vir hulle in Afrikaans maar hulle praat net Hebreeus maar verstaan sommige Afrikaans en Engels verstaan hulle 100%.

### 7.5 Tema: *Kultuurverskuiwing as simptoom/gevolg van taalverskuiwing*

**Figuur 7. Kultuurverskuiwing as simptoom/gevolg van taalverskuiwing en relevante kodes**



Die skakel tussen kultuur en taal is reeds uit die literatuur uitgewys (vgl. 2.3). Uit die response word dit ook beklemtoon.

#### 7.5.1 Kode: *'n Afrikaanse kultuur word gehandhaaf*

Sommige respondente het aangedui dat hulle hulle kultuur probeer behou en in die nuwe omgewing handhaaf.

[V49] Ek mis die kultuur met alles binne my.

[V425] Sonder n plek waar n mens jou kultuur en denkwysse kan beskerm is jy gedoem om geabsorbeer te word in die kulture om jou.

[V476] Ons hou vas aan ons taal en kultuur, dit is wie ons is en ons sal nooit skielik Spaans wees nie. Ons leer wel hulle taal en kultuur om te kan probeer integreer.

[V589] Ek is trots om n Afrikaner te wees, ek is nie trots op ons geskiedenis nie maar ek wroeg nie oor die verlede nie, ek konsentreer op die hede en toekoms.

[V841] Dis belangrik om die Afrikaanse taal lewendig te hou veral in die huis want daarsonder kan die kultuur en literatuur nie voort bestaan nie. Ek is Afrikaans tot in my siel toe ...

[V969] As ek dink aan die Afrikaanse kultuur waarop ek trots is, is dit die van die plat-op-die-aarde oom en tannie wat lief is vir die Here, vir hul medemens, vir hard werk, en vir die land (en heel moontlik goeie musiek en literatuur geniet).

### 7.5.2 Kode: 'n Ander kultuur word aangeneem

Ekspatriate neem soms die kultuur van hul nuwe omgewing aan ter wille van integrasie.

[V483] Ek voel nie fanaties oor Afrikaans nie en is dit vir my makliker om in Engels te leef en te dink.

[V1044] Alhoewel ons afrikaanse kultuur nog vir ons belangrik is en ons gereeld ons kinders leer en blootstel daaraan, voel ons dat dit ook baie belangrik is dat ons die tale en kultuur van ons nuwe land aanleer en deel word daarvan.

[V1064] My Afrikaanse kultuur was en is belangrik, maar in 'n nuwe land pas 'n mens by nuwe gewoontes aan. Ek glo dat ek die keuse gemaak het en skakel daarom entoesiasies by 'n nuwe gemeenskap in.

[V1313] Ek kan nie verstaan hoekom Suid Afrikaners wat Amerika toe trek hulle kultuur wil saam bring en aanwend en forseer op hulle kinders nie. Ek glo as jy Suid Afrika veruil het vir Amerika moet jy jou aanpas by die land se kultuur.

### 7.5.3 Kode: Negatiewe houdings teenoor die Afrikanerkultuur

Uit die response is dit duidelik dat van die respondente hulle nie met 'n Afrikaanse en spesifiek Afrikanerkultuur wil assosieer nie. Veral die geskiedenis (en selfs rassisme) wat met die taal en kultuur geassosieer word, word as redes vir negatiewe houdings aangevoer.

[F69] Dit hang seker maar af hoeveel mens jouself assosieer met Afrikaner of Suid-Afrikaanse kultuur. Ek is baie lief vir Afrikaans as taal en ons huistaal sal altyd Afrikaans bly. Ek doen baie moeite om 'n liefde vir Afrikaans by my kind te kweek en ek hoop sy sal dit altyd as haar moedertaal liefhê. Maar Afrikanerkultuur is vir my 'n moeilike

begrip, ek weet nie of ek altyd so lekker met ander Afrikaners assosieer en kliek nie.

[V136] Afrikaans as 'n taal is vir my mooi en belangrik, maar die "afrikaanse kultuur" klou ek nie aan nie.

[V281] Ek vereenselwig my egter nie met die doelwitte en ideale van die oorgrote Afrikaner-gemeenskap nie

[V281] Die Afrikaner as kultuur glo ek ruïneer hulself deur nie aan te pas by hul omstandighede nie. Ek glo nie ons kultuur word disproporsioneel (of meer as ander kulture) deur die regering ondermyn nie.

[V308] Maar in baie opsigte haat ek dit om n Afrikaner te wees. Vir wat ander mense al gedoen het "in die naam van Afrikaner-dom" of iets soortgelyks wil ek my kop in skaamte laat sak. Maar ek omring myself deur ander Afrikaners wat soortgelyk voel en dink.

[V496] In my eerlike opinie is daar nie so iets soos kultuur in "Afrikaanse kultuur" nie.

[V990] ... ek het n baie groot probleem met baie van die kultuur waarmee ons groot geword het. dit werk vir almal terwyl jy in suid afrika is, maar as jy tussen ander kulture leef, dan besef jy hoe vreeslik arrogant, judgemental, aggressief, en vals, baie afrikaners is, veral ten opsigte van issues rondom godsdiens, en ander nasionaliteite ...

[V1027] Ek's ook anderskleurig en is as gevolg van ons land se geskiedenis nie romanties oor die taal nie ...

## 8. Bespreking van die kwalitatiewe data

Uit die ontleding van die kodes wat uit die kwalitatiewe data ontsluit is, het vyf relevante temas na vore gekom: (i) taalhandhawing word moontlik gemaak deur tweetaligheid onder ekspatriate; (ii) volgehoue aanleer van Afrikaans buite die grense van Suider-Afrika; (iii) aktiewe gebruik van Afrikaans met kinders; (iv) die feit dat dit 'n skakel met Suid-Afrika is; (v) en daadwerklike pogings om aan te hou om Afrikaans te gebruik, aangesien dit in die nuwe omgewing vir ekspatriate belangrik is.

Daar is egter ook tekens van taalverskuiwing onder die respondente. Ekspatriate ervaar 'n afname in die gebruik van Afrikaans, en veral met kinders moet 'n taal soos Engels soms gebruik word om kommunikasie te vergemaklik. In gevalle waar soortgelyke tale, soos Afrikaans en Nederlands, in die nuwe omgewing gebruik word, vervang Nederlands maklik Afrikaans as

die moedertaal van kinders. In sekere gevalle besluit gesinne om taalverskuiwing te ondergaan ten einde in die nuwe kultuur te assimileer, maar van die respondente het kommer hieroor uitgespreek.

Onderwysers in die nuwe lande waarin ekspatriate hulle bevind, speel ook 'n belangrike rol. In enkele gevalle is agterstande op skool toegeskryf aan 'n moedertaal wat verskil van die taal wat in die skool as onderrigmedium gebruik word. Tog is by ander respondente die teenoorgestelde ervaar, en is die gebruik van die moedertaal deur sekere onderwysers aangemoedig.

'n Veranderlike wat ook in ag geneem moet word by taalverskuiwing, is 'n ander moedertaal van 'n eggenoot of lewensmaat. In enkele gevalle sal 'n eggenoot of lewensmaat wat nie Afrikaans praat nie, dit wel probeer aanleer. In ander gevalle leer die eggenoot of lewensmaat nie Afrikaans aan nie en help dit die taalverskuiwing van die gesin aan.

Verder blyk kultuurverskuiwing 'n simptome of gevolg van taalverskuiwing te wees. By sommige ekspatriate veroorsaak die emigrasie dat 'n "Afrikanerkultuur" juis weens die omstandighede gehandhaaf word. Maar by ander word 'n kultuur van die nuwe land aangeneem ter wille van integrasie met die plaaslike gemeenskap. Van die ekspatriate het ook aangedui dat hulle baie negatief is teenoor die Afrikanerkultuur. Sommige van hulle assosieer hulle met Afrikaans maar nie die Afrikanerkultuur nie, terwyl ander selfs alles verwerp wat met die Afrikaner of Afrikaans te doen het.

## **9. Gevolgtrekking**

In emigrantkontekste kan taalhandhawing, taalverlies, taalverskuiwing en taalherlewing ontstaan/voorkom, en vir die doel van hierdie artikel is veral taalhandhawing en taalverskuiwing onder Afrikaanssprekende ekspatriate ondersoek. Hier is onder andere sprake van gesinstaalbeplanning, waar taalbeplanningsaksies binne die gesinsdomein in 'n emigrantkonteks uitgevoer word. Verskillende aspekte van die emigrasie-ervaring is al in die literatuur hanteer, maar navorsing was geografies, en met betrekking tot getalle, redelik beperk.

Uit die navorsing, wat deur middel van 'n aanlyn vraelys en geslote Facebook-groep uitgevoer is, is dit duidelik dat daar verskillende redes is hoekom Afrikaanssprekendes uit Suider-Afrika emigreer, en dat die meeste van hulle nie beplan om terug te keer nie. Veral ekspatriate in Engelssprekende lande het aangedui dat hulle nie noodwendig sal terugkeer nie.

'n Afrikaanse of Afrikanerkultuur en -taal is steeds belangrik vir ekspatriate, en daar is by sekere respondente tekens van volgehoue taalhandhawing. Verder word Afrikaans teenoor die eggenoot of lewensmaat, asook kinders, deur die meeste ekspatriate gebruik. Nederlands blyk 'n goeie vervangingstaal

vir Afrikaans te wees. Tweetaligheid is sigbaar by ekspatriatekinders, maar die vlak van tweetaligheid is nie met hierdie studie gepeil nie. Ten spyte van die feit dat Afrikaanssprekende ekspatriate poog om hul taal te handhaaf, is dit duidelik dat Afrikaans-taalvaardigheid onder ekspatriatekinders afneem. Verder is tekens van taalverskuiwing duidelik merkbaar, veral by geïsoleerde gesinne en gemeenskappe, gesinne met 'n nie-Afrikaanssprekende ouer, omstandighede waar 'n groot behoefte tot assimilasië bestaan, en gevalle waar kinders self nie 'n rede insien om Afrikaans te handhaaf nie.

## Bibliografie

- Baker, C. 1996. *Foundations of bilingual education and bilingualism*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Barkhuizen, G. 2006. Immigrant parents' perceptions of their children's language practices: Afrikaans speakers living in New Zealand. *Language Awareness*, 15(2):63–79.
- Barkhuizen, G.P. en U. Knoch. 2005. Missing Afrikaans: "Linguistic longing" among Afrikaans-speaking immigrants in New Zealand. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 26(3):216–32.
- . 2006. Macro-level policy and micro-level planning: Afrikaans-speaking immigrants in New Zealand. *Australian Review of Applied Linguistics*, 29(1):3.1–3.18.
- Barkhuizen, G. en V. de Klerk. 2006. Imagined identities: Preimmigrants' narratives on language and identity. *International Journal of Bilingualism*, 10(3):277–99.
- Bornman, E. 2005. Emigrasie onder Afrikaners vandag. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(3):386–99.
- Britain, D. en J. Cheshire (reds.). 2003. *Social dialectology: In honour of Peter Trudgill*. Amsterdam: John Benjamins.
- Chambers, J.K. 2003. Sociolinguistics of immigration. In Britain en Cheshire (reds.) 2003.
- Cooper, R.L. 1989. *Language planning and social change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Crystal, D. 1997. *The Cambridge encyclopedia of language*. 2de uitgawe. Cambridge: Cambridge University Press.
- . 2003. *Language death*. Cambridge: Cambridge University Press.



- . 2008. *A dictionary of linguistics and phonetics*. 6de uitgawe. Malden: Blackwell.
- Curdt-Christiansen, X.L. 2009. Invisible and visible language planning: Ideological factors in the family language policy of Chinese immigrant families in Quebec. *Language Policy*, 8(4):351–75.
- De Bot, K. 2007. Dynamic systems theory, lifespan development and language attrition. In Köpke e.a. (reds.) 2007.
- De Klerk, V. 2000. Language shift in Grahamstown: A case study of selected Xhosa-speakers. *International Journal of the Sociology of Language*, 146:87–110.
- De Klerk, V. en G. Barkhuizen. 2004. Pre-emigration reflections: Afrikaans speakers moving to New Zealand. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 22(3/4):99–109.
- De Klerk, V. en B. Bosch. 1998. Afrikaans to English: A case study of language shift. *South African Journal of Linguistics*, 16(2):43–51.
- Deumert, A. 2010. Tracking the demographics of (urban) language shift – an analysis of South African census data. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 31(1):13–35.
- Dorian, N.C. 1995. Small languages and small language communities: sharing expertise and experience in support of small languages. *International Journal of the Sociology of Language*, 114:129–37.
- Du Toit, B.M. 2003. Boers, Afrikaners, and diasporas. *Historia*, 48(1):15–54.
- Edwards, J. 1994. *Multilingualism*. Londen: Routledge.
- Ellis, S.M. en H.S. Steyn. 2003. Practical significance (effect sizes) versus or in combination with statistical significance (p-values). *Management Dynamics*, 12(4):51–3.
- Ferguson, G. 2006. *Language planning and education*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Fishman, J.A. 1964. Language maintenance and language shift as fields of inquiry: a definition of the field and suggestions for further development. *Linguistics*, 9:32–70.
- . 1991. *Reversing language shift: theoretical and empirical foundations of assistance to threatened languages*. Clevedon: Multilingual Matters.

- Fortuin, E. 2009. Language shift from Afrikaans to English in “Coloured” families in Port Elizabeth: three case studies. Ongepubliseerde MPhil-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.
- Giles, H., R.Y. Bourhis en D.M. Taylor. 1977. Towards a theory of language in ethnic group relations. In Giles (red.) 1977.
- Giles, H. (red.). 1977. *Language, ethnicity and intergroup relations*. New York: Academic Press.
- Giles, H. en P. Johnson. 1987. Ethnolinguistic identity theory: A social psychological approach to language maintenance. *International Journal of the Sociology of Language*, 68:69–99.
- Hatoss, A., D. Starks en H. Janse van Rensburg. 2011. Afrikaans language maintenance in Australia. *Australian Review of Applied Linguistics*, 34(1):4–23.
- Haugen, E. 1972. *The ecology of language*. Stanford: Stanford University Press.
- Herbert, R.K. 1992. Language in a divided society. In Herbert (red.) 1992.
- Herbert, R.K. (red.). 1992. *Language and society in Africa: The theory and practice of sociolinguistics*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Hulsen, M.E.H. 2000. Language loss and language processing: Three generations of Dutch migrants in New Zealand. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Katholieke Universiteit Nijmegen.
- Kamwangamalu, N.M. 2003. Globalization of English, and language maintenance and shift in South Africa. *International Journal of the Sociology of Language*, 164:65–81.
- King, K.A., L. Fogle en A. Logan-Terry. 2008. Family language policy. *Language and Linguistics Compass*, 2(5):907–22.
- Kleifgen, J.A. en G.C. Bond (reds.). 2009. *The languages of Africa and the diaspora: Educating for Language Awareness*. Bristol: Multilingual Matters.
- Köpke, B., M.S. Schmid, M. Keijzer en S. Dostert (reds.). 2007. *Language attrition: Theoretical perspectives*. Amsterdam: John Benjamins.
- Kotzé, E. 2004. Language and identity – the Afrikaans community in the UK. *Collegium Antropologicum*, 28(1):63–72.

Kotzé, E. en T. Biberauer. 2006. Die rol van Afrikaans as identiteitsfaktor by SA ekspatriate in die Verenigde Koninkryk. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 40(1):48–70.

Makoni, S. en B. Trudell. 2009. African perspectives on linguistic diversity: Implications for language policy and education. In Kleifgen en Bond (reds.) 2009.

Marchetti-Mercer, M.C. en J.L. Roos. 2013. Afrikaanssprekende emigrante: Verliese en verwagtinge. *LitNet Akademies*, 10(1):551–82.  
<http://www.litnet.co.za/Article/afrikaanssprekende-emigrante-verliese-en-verwagtinge> (25 Maart 2013 geraadpleeg).

Milroy, L. 1987. *Language and social networks*. Oxford: Basil Blackwell.

Mushi, S. 2002. Acquisition of multiple languages among children of immigrant families: Parents' role in the home-school language pendulum. *Early Child Development and Care*, 172(5):517–30.

Oxford English Dictionary. 2013. 3de uitgawe. Oxford: Oxford University Press. Aanlyn weergawe. <http://www.oed.com> (13 Junie 2013 geraadpleeg).

Piller, I. 2001. Private language planning: The best of both worlds? *Estudios de Sociolingüística*, 2(1):61–80.

Schmid, M.S. 2011. *Language attrition*. Cambridge: Cambridge University Press.

Schwartz, M. 2010. Family language policy: Core issues of an emerging field. *Applied Linguistics Review*, 1(1):171–91.

Spolsky, B. 2009. *Language management*. Cambridge: Cambridge University Press.

—. 2012. Family language policy – the critical domain. *Journal of Multilingual and Multicultural Development*, 33(1):3–11.

Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal: Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.

Steyn, J. en A. Duvenhage. 2011. Taalverskuiwing en taalhandhawing in die Afrikaanse gemeenskap: Tendense en toekomspektiewe. *LitNet Akademies*, 8(3):196–242. [http://www.litnet.co.za/assets/pdf/8\\_steyn\\_en\\_duvenhage.pdf](http://www.litnet.co.za/assets/pdf/8_steyn_en_duvenhage.pdf) (25 Maart 2013 geraadpleeg)

Thutloa, A.M. 2010. Investigating language shift in two semi-urban Western Cape communities. Ongepubliseerde MPhil-verhandeling, Universiteit Stellenbosch.

Webb, V. en Kembo-Sure. 2000. Language as a problem in Africa. In Webb en Kembo-Sure (reds.) 2000.

Webb, V. en Kembo-Sure (reds.). 2000. *African voices: An introduction to the languages and linguistics of Africa*. Oxford: Oxford University Press.

Zhang, D. 2008. *Between two generations: Language maintenance and acculturation among Chinese immigrant families*. El Paso: LFB Scholarly Publishing.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Die woord *ekspatriate* word in hierdie artikel gebruik om na emigrante te verwys. Die gebruik van die term is ook na aanleiding van bestaande literatuur oor die onderwerp (Kotzé en Biberauer 2006).

<sup>2</sup> Vir die doeleindes van hierdie artikel word die term *Suider-Afrika* gebruik om na Namibië en Suid-Afrika te verwys, aangesien dit die oorsprong van die navorsingspopulasie verteenwoordig.

<sup>3</sup> Die term *taalhandhawing* verwys in hierdie artikel na 'n proses met die oog op taalbehoud, waar 'n taal se gebruik weens die immigrantkonteks bedreig word.

<sup>4</sup> Die outeurs wil in hierdie verband dank uitspreek teenoor Fanie Pretorius vir die hulp met die dataversameling en instandhouding van die Facebook-groep wat in verband met hierdie navorsing gebruik is.

<sup>5</sup> Die term *moedertaal* verwys in hierdie artikel nie noodwendig na die eerste of primêre taal van 'n persoon of gemeenskap nie, maar na die taal wat die spreker(s) voor emigrasie as eerste of primêre taal gebruik het. Sekere bronne gebruik die terme *erfenistaal* (*heritage language*), *voorouerlike taal* (*ancestral language*) of *brontaal* om na hierdie verskynsel te verwys (Dorian 1995; Spolsky 2009).

<sup>6</sup> Suria Ellis van die Statistiese Konsultasiediens van die NWU was behulpsaam met die statistiese ontleding deur middel van Statistica-sagteware.